**Ons leer van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)**

Die Grondwet van Suid-Afrika (1996) is die hoogste wet in die land. Hierdie wet is hoër as die President, hoër as die howe en hoër as die regering.

Die Grondwet beskryf hoe die mense van die land mekaar moet behandel, wat hulle regte is en wat hulle verantwoordelikhede teenoor mekaar is. Die Grondwet is daar om ons almal vandag te beskerm en om die kinders van die toekoms te beskerm.

| Onthou ons verlede. | Ons moenie die foute van die verlede herhaal nie. | Ons Grondwet help ons om 'n beter toekoms vir almal te beplan en te bou. |
|---|---|---|

Ons, die mense van Suid-Afrika,
Erken die ongeregtighede van ons verlede;
Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;
Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en
Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.
Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde—

Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en
'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

| Maak aanspraak op jou regte as 'n Suid-Afrikaner en beskerm die regte van andere. | Maak seker dat jy die Handves van Regte en Verantwoordelikhede ken. |
|---|---|

*Mag God ons mense beskerm.*
*Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso.*
*God seën Suid-Afrika. God bless South Africa.*
*Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.*



Rainbow WORKBOOKS

ISBN 978-1-4315-0082-6


Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:
- Graad R (in al die 11 amptelike tale);
- Huistaal Graad 1 tot 6 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 4 tot 9 (In Afrikaans en Engels);
- Lewensvaardigheid Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Engels Eerste Addisionele Taal Graad 1 tot 6.

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 4 – BOOK 2
TERMS 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0082-6
9th Edition
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 4 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0082-6

Hersien volgens die KABV



Naam: | Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Graad 4

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 2
Kwartaal 3 & 4



Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys



Mnr. Enver Surty, Adjunkminister van Basiese Onderwys

*Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.*

*Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.*

*Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.*

# Die skryfproses




## Beplan

**Kies jou onderwerp. Gesels met jou groep om idees te kry. Gebruik 'n geheuekaart om jou gedagtes oor die intrige, die karakters en die agtergrond te orden.**

## Eerste weergawe

**Skryf jou eerste weergawe. Dink oor wie jou lesers gaan wees, hoe jou struktuur moet lyk en wat jy in elke paragraaf wil sê.**

## Hersien

**Lees die eerste weergawe krities deur, en vra jou klasmaats en onderwyser om dit te korrigeer.**

## Redigeer

**Gaan die spelling en punktuasie van jou eerste weergawe na. Bring die laaste korreksies aan.**

## Publiseer

**Skryf jou finale weergawe netjies neer.**

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Ninth edition 2019

ISBN 978-1-4315-0082-6

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**

Graad 4

Rainbow WORKBOOKS

# Huistaal

## IN AFRIKAANS

Hierdie boek behoort aan:



AFRIKAANS

Boek 2

# RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN HIERDIE WERKBOEK

Gebruik hierdie Werkboek saam met u ander hulpbronne. Raadpleeg die KABV vir die Intermediêre Fase.

Dit is vir ons aangenaam om hierdie Werkboek vir Huistaal in die Intermediêre fase aan u beskikbaar te stel. In die Intermediêre Fase behoort leerders die basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede wat hulle in sosiale situasies nodig het, asook die kognitiewe akademiese vaardighede wat hulle vir leer oor die hele kurrikulum heen nodig het, te ontwikkel. Ons hoop dat hierdie Werkboek vir u van waarde sal wees terwyl u leerders help om hierdie vaardighede te ontwikkel.

Die Werkboek is volgens die tweeweeklikse siklusse van die KABV georganiseer. U sal 'n oorsig van wat in elke tweeweeklikse siklus gedek sal word, op bladsy 1, 35, 69 en 103 van hierdie Werkboek aantref. Elke tweeweeklikse siklus dek die volgende vier taalvaardighede:




**1 Luister en praat (mondeling) – 2 uur per siklus**

Leerders moet voldoende geleentheid kry om hulle luister- en praatvaardighede te ontwikkel ten einde hulle in staat te stel om inligting in te samel, probleme op te los en idees en menings uit te druk. Die Werkboek bevat 'n aantal praat- en luisteraktiwiteite wat u kan uitbrei om seker te maak dat leerders genoeg mondelinge oefening kry.




**2 Lees en kyk – 5 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV vereis dat leerders tydens elke tweeweeklikse siklus spesifieke tekste en genres moet lees. Dit sluit die volgende in: kortverhale, volksverhale, persoonlike vertellings, briewe, e-posse, dagboekinskrywings, toneelstukke, koerantberigte, tydskrifartikels, radio-onderhoude, gedigte, oorredende tekste, advertensies, instruksies, aanwysings en prosedures. Daarbenewens skryf die KABV voor dat leerders inligtingstekste met visuele elemente moet lees: kaarte, tabelle, diagramme, breinkaarte, weerkaarte, plakkate, kennisgewings, prente en grafieke. U sal 'n goeie verskeidenheid van hierdie tekste in die Werkboek aantref.

Die KABV spesifiseer 'n leesproses bestaande uit pre-lees-, lees- en post-leesstadia. 'n Bruikbare grafiese uiteensetting van die leesproses verskyn op die omslag van hierdie boek.





**3 Skryf en aanbied – 4 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV skryf voor dat leerders gereeld die geleentheid moet ontvang om te oefen hoe om tekste in verskillende kontekste te skryf. Die Werkboek voorsien 'n aantal verskillende skryfraamwerke en grafiese organiseerders waarbinne leerders geskrewe, visuele en multimediatekste kan aanbied. U sal 'n grafiese uiteensetting van die skryfproses op die omslag van hierdie boek aantref.




**4 Taalstrukture en -konvensies – 1 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV voorsien 'n lys taalstrukture en -konvensies (-items) wat in elke graad gedek behoort te word. Die Werkboek sluit spesifieke oefeninge vir elk van die tweeweeklikse siklusse in. Hierdie aktiwiteite bevat meesal notas waarin die taalkonvensies verduidelik word.




Raadpleeg asseblief die Werkboekopleidingshandboek.

I n h o u d

# Tema 5: Hoe ons voel en wat ons doen

Kwartaal 3: Week 1 - 4

## Kwartaal 3: Week 1 – 2
## Mense wat omgee


**65 'n Nuwe troeteldier vir Marietjie** 2

Bespreek en voorspel op grond van 'n prent.
Lees 'n storie.

**66 Ons dink na oor die storie** 4

Gesels in groepe oor die storie.
Skryf 'n einde vir die storie.
Beantwoord vrae wat op die storie gebaseer is.
Skryf 'n dagboekinskrywing.

**67 Marietjie kies haar hondjie** 6

Lees die einde van die storie.
Identifiseer voorsetsels en voornaamwoorde.
Identifiseer die aksies wat deur die bywoorde in die teks beskryf word.
Skryf sinne met bywoorde.

**68 'n Dagboekinskrywing** 8

Beplan 'n dagboekinskrywing op grond van 'n geheuekaart.
Skryf 'n dagboekinskrywing, korrigeer dit en skryf die finale weergawe oor.

**69 'n Hond raak weg** 10

Ontwerp 'n plakkaat oor 'n vermiste hond.
Beoordeel sy of haar maat se plakkaat aan die hand van 'n kontrolelys.
Dui aan of woorde samestellings of afleidings is.
Voltooi tabelle deur antonieme en sinonieme in 'n leesstuk te soek.
Skryf sinne in die ontkennende vorm oor.

**70 Saamgestelde sinne** 12

Identifiseer werkwoorde in enkelvoudige sinne.
Verbind enkelvoudige sinne om saamgestelde sinne te vorm.
Verdeel saamgestelde sinne in enkelvoudige sinne.
Voltooi 'n tabel deur die meervoude en verkleiningsvorme van die woorde in te vul.
Verbind idiome met hul betekenisse.

**71 Lees 'n dagboek** 14

Lees enkele dagboekinskrywings.
Identifiseer woorde wat verkeerd gespel word.

**72 Skryf jou eie dagboekinskrywing** 16

Beantwoord vrae wat op dagboekinskrywings gebaseer is.
Skryf sy of haar eie dagboekinskrywings vir drie dae.


## Kwartaal 3: Week 3 – 4
## Lees vir inligting


**73 Skermtyd** 18

Lees inligting in 'n pamflet.
Bespreek vrae wat op 'n pamflet gebaseer is.

**74 Lees die pamflet** 20

Beantwoord vrae wat op die pamflet gebaseer is.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Interpreteer 'n staafdiagram.
Lys skadelike gevolge van te veel skermtyd.
Ontwerp 'n plakkaat wat kinders aanmoedig om aan ander aktiwiteite deel te neem.

**75 Waar dinge is** 22

Lees 'n prentstorie.
Vul die korrekte voorsetsels by elke prent in.
Skryf vir elke prent 'n sin waarin hy of sy voorsetsels gebruik.
Illustreer voorbeelde van vergelykings, metafore en alliterasie.

**76 Ons vind uit oor bullebakke** 24

Lees 'n pamflet oor afknouery.
Bespreek vrae oor afknouery.

**77 Dink verder na oor afknouery** 26

Beantwoord vrae wat op die pamflet oor afknouery gebaseer is.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Ontwerp 'n plakkaat om kinders te oorreed om mekaar nie af te knou nie.
Skryf sinne in die indirekte rede oor.

**78 Ons werk met woorde en sinne** 28

Speel 'n woordspeletjie waarin sy of hy antonieme, sinonieme, samestellings, agtervoegsels, meervoude, verkleinwoorde en voornaamwoorde oefen.

**79 Ontwerp 'n pamflet** 30

Gebruik 'n beplanner om sy of haar eie pamflet te ontwerp.
Knip die bladsy uit en vou dit om 'n pamflet te vorm.
Gebruik sy of haar plan om die pamflet netjies te voltooi.

**80 Knipselpamflet** 31




# 'n Nuwe troeteldier vir Marietjie





Ons praat

Kyk na die prente en titel, en voorspel saam met jou maat waaroor die storie handel.
Wie dink jy is die hoofkarakters in die storie?
Hoe oud lyk hulle vir jou?





Ons lees

Lees die storie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks handel.
- **Vluglees** die bladsy om vinnig meer te wete te kom.


**Terwyl jy lees**
- Kyk of jou voorspelling korrek was.
- As daar 'n deel is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

Die maan skyn helder. Dit is net na middernag Vrydagaand, en Marietjie lê **wawyd** wakker in haar bed. Sy kan nie slaap nie, want sy is opgewonde oor die hondjie wat sy gaan aanneem. Sy en Nomsa gaan die hondjie die volgende oggend by die diereskuiling uitsoek. Marietjie is die enigste meisie in die klas wat nog nie 'n troeteldier het nie, omdat sy nog altyd in 'n woonstel gewoon het. Hulle gesin het egter onlangs na 'n huis toe getrek en sy het begin om haar sakgeld te spaar sodat sy 'n hondjie kon aanneem.

Uiteindelik breek die volgende oggend aan, en Marietjie spring uit die bed uit. Sy was haarself, trek aan en wag dan **ongeduldig** vir haar maat Nomsa. Nomsa het belowe om saam met Marietjie na die diereskuiling te gaan om haar te help om 'n hondjie te kies.

Uiteindelik arriveer Nomsa se bus. Nomsa spring af, draf **vinnig** na Marietjie-hulle se voordeur toe, en groet Marietjie se gesin **vrolik**. Die twee meisies begin **gretiglik** na die diereskuiling toe stap. Hulle is albei opgewonde, en hulle gesels en lag **uitbundig**. By die verkeerslig steek hulle die pad **versigtig** oor en kom uiteindelik by die diereskuiling aan.

Datum:




Toe Marietjie by die skuiling aankom, is sy skoon **pootuit**. Sy moet eers gaan sit om asem te skep. Die vriendelike ontvangsdame neem die twee meisies na 'n kamer waar ses klein hondjies in 'n mandjie lê en slaap. Die meisies gaan by die hondjies hurk en streel hulle **saggies**, terwyl hulle wonder watter een hulle moet kies.

Die **bestuurder** kom ingestap. "Goeiemôre, jong dame, ek verstaan dat jy graag 'n hondjie wil aanneem?" vra sy vriendelik.

"Ja, mevrou," antwoord Marietjie. "Ek het die geld wat ek vir my verjaarsdag gekry het en die geld wat ek met takies in die huis verdien het, gespaar!" Haar oë blink. "Dit sal my eerste troeteldier wees," sê sy **opgewonde** vir die bestuurder. "Ek het nog nooit tevore een gehad nie."

"Nou ja, kom ek vertel vir jou van hierdie hondjies," sê die bestuurder. "Die hondjies met die rooi, groen en geel halsbandjies is reeds aangeneem. Daar bly dus net twee hondjies oor waaruit jy kan kies: die een met die pienk halsband en die een met die blou halsband."

"O," sê Marietjie, "en wat van die een met die pers halsbandjie? Is hy ook reeds aangeneem?"

"O, daardie een," antwoord die bestuurder. "Jy sal hom nie wil hê nie. Daar skort iets met sy heupies, en hy sal nooit kan hardloop of met 'n bal kan speel nie."

Marietjie kyk na al die hokke om haar. Sy kyk na die **wollerige** wit hondjies, die klein bruin hondjies, die groot, vriendelike, geel honde, na die katte en die babakatjies.

# Ons dink na oor die storie



Riglyne tydens groepbespreking:
- Maak beurte.
- Hou by die onderwerp.
- Vra relevante vrae.
- Reageer met respek op ander se idees.



Ons praat

Gesels in jou groep oor die storie tot dusver.
Watter troeteldier dink jy gaan Marietjie aanneem?
Wat sou jy gedoen het as jy Marietjie was?
Hoe dink jy gaan die storie eindig?



Ons skryf

Skryf 'n paragraaf oor hoe jy dink die storie gaan eindig.

Onthou om die skryfproses te volg:
1. Beplan deur jou gedagtes met 'n maat te deel.
2. Skryf die eerste weergawe in jou klaswerkboek.
3. Laat 'n maat jou werk hersien.
4. Korrigeer waar nodig.
5. Skryf jou finale weergawe hier neer.

Pas **soekleesvaardighede** toe en beantwoord hierdie vrae.

Haal 'n sin aan uit die storie aan wat daarop dui dat Marietjie baie opgewonde was omdat sy 'n troeteldier kon gaan aanneem.

Waarom was Marietjie die enigste kind in die klas wat nog nie 'n troeteldier gehad het nie?

Hoe weet ons dat Marietjie en Nomsa goeie maats is?

Waarom dink jy was Marietjie moeg toe hulle by die diereskuiling aangekom het?

Datum:

Ons skryf

Die bestuurder het die meisies meer van die hondjies vertel. Watter van die hondjies was beskikbaar om aangeneem te word, en watter was reeds aangeneem? (Kyk na die kleure van hulle halsbandjies.)

| | |
|---|---|
|  | *Hierdie hondjie is reeds aangeneem.* |
|  | |
|  | |
|  | |
|  | |
|  | |

Ons skryf

Verbeel jou jy is Marietjie. Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy beskryf hoe jy nie die vorige nag kon slaap nie, en hoe jy daaroor gevoel het dat jy die volgende dag jou eie troeteldier sou gaan uitkies.

*Onthou om die skryfproses te volg voordat jy jou finale weergawe hier skryf.*

*Liewe Dagboek* *Datum:*

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 67 Marietjie kies haar hondjie



Ons lees

Lees nou die einde van die storie, en vergelyk dit met die einde wat jy geskryf het.



## Die nuwe troeteldier

Marietjie streel die hondjie met die pers halsbandjie bo-op sy koppie. Hy lig sy oortjies, waai sy stertjie en kyk met sy sagte bruin ogies na Marietjie. Marietjie kyk na al die ander diertjies in die hokke om haar. Sy kyk weer na die ses hondjies wat langs mekaar in die mandjie lê.

Sy buk en tel die hondjie met die pers halsbandjie versigtig op. Sy hou hom styf vas, en sy kan sy hartjie hoor klop. Hy ruik aan haar en druk sy neusie binne-in haar nek in. Sy streel hom saggies en draai dan na die bestuurder toe.



"Dit maak nie saak as hy nie kan hardloop of met 'n bal kan speel nie," sê sy. Sy trek haar een broekspyp op om die bestuurder te wys dat sy 'n ortopediese stut aan haar been dra. "Ek sukkel ook om te hardloop, en ek kan nie met 'n bal speel nie. Maar my familie en vriende is lief vir my, en dit is vir my genoeg." Sy vryf die hondjie se koppie. "Ek dink hy is pragtig," sê sy. Sy draai na Nomsa en vra: "Wat dink dink jy, Nomsa?"


Nomsa knik haar kop en streel ook saggies die hondjie se lyfie.

"Mevrou, kan ek asseblief hierdie een met die pers halsbandjie kry?" vra Marietjie. "Dit is die hondjie wat ek wil hê!"

"Ons gaan mooi vir jou sorg, woewertjie," fluister sy in die hondjie se oor, terwyl sy haar geld aan die bestuurder oorhandig.

Toe Nomsa en Marietjie by die gebou uitstap, begin die hondjie sy stertjie te swaai. Marietjie stap stadig in die straat af terwyl sy die hondjie met die pers halsbandjie veilig in haar arms vashou. Die meisies gesels vrolik met mekaar terwyl hulle die hondjie na sy nuwe huis toe neem.

Voorsetsels is woorde wat die verband van een ding tot 'n ander aantoon, bv. bo-op, langsaan.
Voornaamwoorde is woorde wat in die plek van noemname en ander naamwoorde gebruik word, bv. hy, sy.



Ons skryf

Omkring al die voorsetsels in die bostaande leesstuk met rooi en die voornaamwoorde met blou.

Datum:

**Bywoorde** beskryf werkwoorde. Hulle vertel vir ons wanneer (tyd), hoe (wyse), hoeveel (graad) of waar (plek) 'n aksie plaasvind.

Voorbeelde:

*Nomsa stap stadig.* *Die meisie sing hard.*

Die blou bywoorde vertel vir ons iets oor die werkwoorde. Hulle vertel vir ons **hoe** Nomsa stap en **hoe** die meisie sing.




Kyk weer na die storie, en soek al die **bywoorde** in werkkaart 65 wat in rooi uitgelig is. Onderstreep al die aksies wat deur die bywoorde beskryf word. Gebruik nou vyf van die bywoorde om jou eie sinne te maak.

| | |
|---|---|
| ongeduldig | |
| vinnig | |
| vrolik | |
| gretiglik | |
| uitbundig | |
| versigtig | |
| saggies | |
| opgewonde | |

Kyk weer na die gedeelte van die storie in hierdie werkkaart (67). Onderstreep al die bywoorde. Omkring dan die werkwoorde wat deur hulle beskryf word.

Gebruik vyf van die bywoorde wat jy onderstreep het om jou eie sinne te skryf.

# 68 ’n Dagboekinskrywing

Ons skryf

Stel jou voor jy is Marietjie. Doen ’n dagboekinskrywing oor wat gebeur het toe jy die diereskuiling besoek het. Gebruik die volgende geheuekaart om jou te help om jou inskrywing te **beplan**. Onthou om in die eerste persoon (“ek”) te skryf en om die verlede tyd te gebruik.

**’n Nuwe troeteldier vir Marietjie**



**1 Wat gister gebeur het**

*Gisteraand kon ek nie slaap nie, want …*



**2 Ons besoek aan die skuiling**

*Uiteindelik het Nomsa opgedaag en ons het na die skuiling toe gestap.*



**3 My keuse**

*Ek het besluit om die hondjie met die pers halsbandjie aan te neem, omdat …*



**4 Terug huis toe**

*Ek het geweet dat ek die regte besluit geneem het …*

Ons skryf

Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. Laat ’n maat jou inskrywing **hersien. Korrigeer** waar nodig.

Datum:

Ons skryf

Skryf die **finale weergawe** van jou dagboekinskrywing netjies in hierdie spasie neer.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfwerk te **beplan**.
- Skryf die **eerste weergawe** in jou klaswerkboek.
- Vra 'n maat om dit te **hersien**.
- **Korrigeer** jou teks.
- Skryf die **finale weergawe** netjies oor.

*Liewe Dagboek* *Datum:*












ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 69 'n Hond raak weg




'n Maat van jou se hond het weggeraak. Ontwerp 'n plakkaat waarin jy besonderhede oor die hond en oor die eienaar verskaf. Skryf die woord VERMIS boaan jou plakkaat in groot, vet letters. Teken 'n prent van die hond en gebruik helder kleure om die aandag te trek.






Vergelyk jou plakkaat met jou maat s'n. Beoordeel mekaar se plakkate aan die hand van die volgende kontrolelys.

## Ons maak seker



| Verskyn die volgende op die plakkaat? | | | |
|---|---|---|---|
| 'n Prent van die hond? | | | |
| 'n Groot opskrif om die aandag te trek? | | | |
| Die nodige inligting om die eienaar te kan kontak? | | | |
| 'n Duidelike beskrywing van die hond? | | | |
| Inligting oor wanneer en waar die hond vermis geraak het. | | | |
| Die hond se naam? | | | |

Datum:



Werk met woorde

- Onderstreep die basisvorme van hierdie woorde met rooi.
- Omkring die voorvoegsels met groen en die agtervoegsels met blou.
- Dui aan (✔) of die woorde samestellings of afleidings is.

| **Woord** | **Afleiding** | **Samestelling** |
|---|---|---|
| diereskuiling | | |
| troeteldier | | |
| verkeerslig | | |
| getrek | | |
| gewoon | | |

Ons voeg voorvoegsels voor aan woorde en agtervoegsels agter aan woorde om nuwe woorde te vorm.

Onthou jy nog hoe woorde gevorm word?
- Basiswoorde (die kleinste selfstandige dele van woorde)
- Afleidings (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel)
- Samestellings (basis + basis)



Sinonieme is woorde met dieselfde betekenis.
Antonieme is woorde met teenoorgestelde betekenisse.

- Lees weer werkkaart 65 se leesstuk.
- Voltooi hierdie tabelle deur antonieme en sinonieme vir hierdie woorde in die leesstuk te soek.

| Antonieme | |
|---|---|
| seun | |
| hard | |
| heer | |
| nors | |
| uitgestap | |

| Sinonieme | |
|---|---|
| aankom | |
| bly | |
| werkies | |
| wandel | |
| dogters | |

Gebruik die woord **bly** in twee sinne waarin jy die verskillende betekenisse van die woord duidelik maak.

Homonieme is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat verskillende betekenisse het, bv. bly, wat woon of vrolik kan beteken.

Skryf die volgende sinne in die ontkennende vorm oor.

Sy kan slaap.

Sy wil graag 'n hond hê.

Jy moet 'n hond gaan aanneem!

In die ontkennende vorm word sake in die negatiewe vorm gestel, bv. Sy het nie gebel nie.

Let op die volgende:

Gebruik woorde soos moenie saam met die woord nie in bevelsinne, bv. Moenie van my verwag om 'n onderhoud te voer nie!

ONDERWYSER: Teken Datum

# Saamgestelde sinne






Saamgestelde sinne het meer as een gesegde (werkwoord of werkwoordstuk). Onderstreep die werkwoorde in elkeen van hierdie enkelvoudige sinne. Gebruik dan die voegwoorde tussen hakies om saamgestelde sinne te vorm.

| | | |
|---|---|---|
| Die meisie het stadig geloop. | Sy het haar voet seergemaak. | (want) |
| *Die meisie het stadig geloop want sy het haar voet seergemaak.* | | |
| Sy kon nie slaap nie. | Sy het 'n boek gelees. | (daarom) |
| | | |
| Die hond het sy stert geswaai. | Hy was bly. | (omdat) |
| | | |
| Ons het 'n koek gebak. | Ons het die koek geëet. | (en) |
| | | |
| Ek hou van appels. | Ek hou van pere. | (en) |
| | | |




Verdeel nou elkeen van hierdie saamgestelde sinne in twee enkelvoudige sinne.

| Die seun het mank geloop omdat hy sy been seergemaak het. | |
|---|---|
| *Die seun het mank geloop.* | *Hy het sy been seergemaak.* |

| Annie het drie piesangs geëet want sy was honger. | |
|---|---|
| | |

| Die hond het geblaf nadat hy 'n geluid gehoor het. | |
|---|---|
| | |

| Ek help my ma kosmaak en dan dek ek die tafel. | |
|---|---|
| | |

Datum:





Ons skryf

Voltooi hierdie tabel deur die meervoude en verkleiningsvorme van die woorde in te vul.

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| bed | | |
| verkeerslig | | |
| meisie | | |
| kamer | | |
| taak | | |
| dier | | |

**Spelreëls vir meervoude**

**Kort klanke:** Die medeklinker aan die einde van die woord verdubbel en die woord kry 'n **-e** by, bv. kat – kat**te**.

**Lang klanke:** Een van die klinkers in die middel val weg en die woord kry 'n **-e** by, bv. boom – bom**e**.

**Dubbelklanke:** Voeg 'n -e of -s agter aan die woord by, bv. koek – koek**e**.

**Diftonge:** Voeg 'n -e of -s agter aan die woord by, bv. by – by**e**.

**Onthou:** Daar is altyd uitsonderings op elke reël.

**Verkleinwoorde** kan gevorm word deur die volgende agtervoegsels te gebruik:

| | |
|---|---|
| -jie | Woorde wat op -t of -d eindig, bv. hond – hondjie. |
| -tjie | Bv. venster – venstertjie |
| -kie | Meerlettergrepige woorde wat op -ng eindig: gooi die -g weg en voeg -kie by, bv. doring – dorinkie. |
| -etjie | Eenlettergrepige woorde wat op -ng eindig, bv. wang – wangetjie. |
| -pie | Woorde wat op -m eindig, bv. arm – armpie. |
| -ie | Bv. oog – ogie |

**Letterlike taalgebruik** verwys na die letterlike betekenis van woorde of uitdrukkings.

**Figuurlike taalgebruik** beteken om woorde te gebruik wat beelde (in konteks/sinsverband) in die gedagtes oproep.

**Beeldspraak** is die gebruik van vergelykings, metafore, personifikasie, idiomatiese uitdrukkings, ens. om iets figuurliks oor te dra.


**Idiomatiese uitdrukkings** is uitdrukkings wat eie aan die taal is. Idiome sluit spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke in.



Verbind die idiome links met hul betekenisse regs.

| Idioom |
|---|
| pootuit wees |
| 'n wolf in skaapsklere |
| die kat uit die boom kyk |
| aftrek kry |
| 'n geheue soos 'n olifant |

| Betekenis |
|---|
| iemand wat sagmoedig voorkom maar dit nie is nie |
| gewild wees |
| baie moeg wees |
| 'n baie goeie geheue |
| iets deeglik ondersoek voordat jy daaroor besluit |



ONDERWYSER: Teken Datum

# 71 Lees 'n dagboek



Ons lees

Lees hierdie dagboekinskrywings en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Onderstreep die 5 woorde wat in die dagboekinskrywing verkeerd gespel is.

*Die volgende dagboekinskrywings is geneem en verwerk uit die boek Diary of a Wimpy Kid, wat deur Jeff Kinney geskryf is. Die karakter in die boek is Greg Heffley, wat in Amerika skoolgaan. Hulle noem dit Middelskool, wat ongeveer dieselfde as graad 4 tot 7 in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel is.*

Dis vandag die eerste skoldag, en ons wag angstig dat die onderwyser ons rooster vir die jaar vir ons moet gee. Ek besluit toe om in my dagboek te skryf om die tyd om te kry.

Terloops, laat ek jou biekie goeie raad gee. Op die eerste skooldag moet jy mooi opas waar jy sit. As jy in die klas instap en jou sak sommer enige plek neerplof, hoor jy nou-nou die volgende woorde van die onderwyser:




So gebuer dit toe dat Chris Hosey voor my sit en Lionel James agter my. Jason Brill het laat gekom en so hittete regs van my kom sit, maar genadiglik kon ek dit op die tippie keer.




**Nuwe woorde**

- so hittete
- neerplof
- op die tippie
- siening


Datum:

Dinsdag

Ek weet nie of ek dit al genoem het nie, maar ek is BRILJANT in videospeletjies. Ek wed ek sou enigiemand in my graad kan klop.

Ongelukkig waardeer Pa nou nie juis my vaardighede nie. Hy voel dat ek iets meer "aktief" buite in die vars lug en sonlig moet doen.

Vanaand na ete het Pa my weer probeer motiveer om buite te gaan speel. Ek het die geleentheid gebruik om aan hom te probeer verduidelik dat 'n mens met videospeletjies allerhande sportsoorte soos voetbal en sokker kan speel sonder om warm en sweterig te raak.



Dit was egter duidelik dat ek en Pa die saak verskillend beskou.

Pa is oor die algemeen 'n taamlike slim ou, daarom is dit vir my moeilik om te verstaan waarom hy nie my siening kan aanvaar nie.





Ek is seker Pa sou my videostelsel uitmekaarhaal as hy kon uitwerk hoe om dit te doen. Maar gelukkig maak die mense wat hierdie speletjies maak dit ouerbestand.


Woensdag

Vandag in Aardrykskunde het ons 'n vasvra gehad, en ek moet sê, ek het lank daarna uitgesien.

Die vasvra was oor die hoofstede van die state. Ek sit agter in die klas, direk langs 'n enorme kaart van die Verenigde State. Al die hoofstede is in groot rooi letters daarop geskryf, dus het ek geweet dis 'n uitgemaakte saak, ek is reg vir die vasvra.



Maar net voor die toets begin, hoor ek Patty Farrell se piepstemmetjie van voor in die klas.




En toe herinner sy mnr. Ira om die kaart van die VSA toe te maak voordat ons begin.




Danksy Patty het ek die vasvra toe op die ou end gedruip. Ek sal definitief op die uitkyk wees na 'n manier om haar vir daai enetjie terug te betaal.

# Skryf jou eie dagboekinskrywing







Ons skryf

Watter gebeure word in Greg Heffley se dagboek op die vorige bladsy genoem?

Noem die hoofidee van elkeen van die drie dagboekinskrywings.

| | |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |

Dink na oor elkeen van die dagboekinskrywings, en skryf dan 'n toepaslike opskrif vir elke dag.


| | |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |



Ons skryf

Skryf nou jou eie dagboekinskrywing. Dink aan verskillende ervaringe wat jy gehad het wat belangrik, snaaks of hartseer was. Vul die datum en die dag in. Onthou om in die eerste persoon te skryf ("ek") en om die verlede tyd te gebruik. Jy kan ook Greg se voorbeeld volg en 'n prentjie teken om elke inskrywing te illustreer.

Volg die skryfproses:
1. **Beplan** deur jou inskrywing met 'n maat te bespreek.
2. Skryf die **eerste weergawe** in jou klaswerkboek.
3. Laat 'n maat jou inskrywings **hersien**.
4. **Korrigeer** waar nodig.
5. Skryf jou **finale weergawe** in jou werkboek.



Liewe Dagboek Dag: Datum:

Illustreer die dagboekinskrywing

Datum:

Liewe Dagboek Dag: Datum:

Illustreer die dagboekinskrywing

Liewe Dagboek Dag: Datum:

Illustreer die dagboekinskrywing



ONDERWYSER: Teken Datum

# Skermtyd



In die vorige werkkaarte het jy 'n storie en 'n dagboekinskrywing gelees en 'n dagboekinskrywing geskryf. Vir die volgende twee weke gaan ons op inligtingstekste fokus. Jy gaan inligtingpamflette lees en jou eie pamflet ontwerp.

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en voorspel waaroor die teks handel.
- Pas vlugleesvaardighede toe om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

## HET JY VIERKANTIGE OË?



### Dagsê kinders


Bestee jy te veel tyd aan TV of fliek kyk, of aan jou selfoon, of aan jou selfoon, 'n rekenaar of videospeletjies? Is jy 'n **stoelpatat**?

Die meeste kinders bring te veel tyd voor die een of ander soort skerm deur.

'n Gedeelte van hierdie "skermtyd" kan natuurlik opvoedkundig wees, maar te veel kinders bring heeltemal te veel tyd voor 'n skerm deur. Sommige kinders bestee meer ure aan TV kyk en videospeletjies speel as wat hulle in die skool deurbring!

Waarom kan te veel skermtyd 'n probleem raak?

- **Nie genoeg slaap nie.** Hoe meer TV jy kyk, hoe groter is die waarskynlikheid dat jy laat sal gaan slaap en te min sal slaap. Te min slaap het moegheid tot gevolg, en kinders wat moeg is, sukkel om in die klaskamer te konsentreer.
- **Vetsug.** Hoe meer jy voor 'n TV sit, hoe groter is die risiko dat jy oorgewig sal raak. Baie kinders wat lang tydperke voor 'n TV sit, ontwikkel 'n voorliefde vir die soort kitskos wat op TV geadverteer word. Dit is ook maklik om jou te ooreet terwyl jy TV kyk.
- **Swak skoolprestasie.** Kinders wat te veel TV kyk of te veel rekenaarspeletjies speel, het dikwels nie genoeg tyd oor om hulle huiswerk te doen of vir die eksamen te studeer nie.
- **Blootstelling aan geweld.** TV-programme behels dikwels geweld. Kinders moet weet dat die geweld en aggressie wat hulle op TV sien, verkeerd is. Dit is nie die regte manier om probleme op te los nie.
- **Nie genoeg speeltyd nie.** Te veel skermtyd beteken dikwels dat jy nie genoeg speeltyd oorhet nie.




Datum:



## Doen wat goed vir kinders is

Skoolkinders behoort nie meer as 'n uur of twee per dag voor 'n skerm deur te bring nie.

Stel perke aan jouself, sodat jy so min moontlik tyd aan TV kyk en videospeletjies bestee.





**Aan watter ander aktiwiteite kan jy deelneem?**

Sluit by 'n sportklub aan, of by die biblioteek, en lees boeke. Speel met maats of speel in die park. Leer om 'n musiekinstrument te bespeel, speel bordspeletjies, of raak by 'n stokperdjie betrokke.

















Ons praat

- Hoeveel ure per dag kyk jy TV?
- Na watter programme kyk jy?
- Wat doen jy graag terwyl jy TV kyk?
- Watter soort skermspeletjies speel jy?
- Hoeveel tyd bestee jy daagliks aan skermspeletjies?
- Wat is 'n "stoelpatat"?

# 74 Lees die pamflet



Ons skryf

Verbind hierdie woorde met hul betekenisse.

| | |
|---|---|
| waarskynlikheid | kontak |
| vetsug | fokus |
| blootstelling | kans |
| skermtyd | oorgewig |
| konsentreer | tyd voor skerm deurgebring |

Lees die pamflet weer en beantwoord dan hierdie vrae.

Vir wie is hierdie pamflet geskryf? Maak 'n regmerkie ✔ in die korrekte blokkie.

☐ Ouers ☐ Onderwysers ☐ Skoolkinders ☐ Bejaardes

Waarom sê jy so? Kopieer een sin uit die pamflet wat dit vir ons sê.

| |
|---|
| |

Beantwoord hierdie vrae deur die nommer voor die korrekte antwoord te omkring.

| Wat sê die pamflet vir ons? | |
|---|---|
| 1 | Dat TV kyk en videospeletjies elektrisiteit vermors. |
| 2 | Dat kinders nie meer as 1–2 uur per dag voor 'n skerm moet deurbring nie. |
| 3 | Dat seuns videospeletjies verkies en meisies TV kyk. |
| 4 | Dat jy vierkantige oë van te veel skermtyd sal ontwikkel. |

| Waarom lei te veel TV kyk tot swak skoolprestasie? | |
|---|---|
| 1 | Omdat kinders graag die kitskos eet wat op TV geadverteer word. |
| 2 | Omdat kinders nie oefening kry nie. |
| 3 | Omdat TV geweld bevorder. |
| 4 | Omdat kinders nie genoeg tyd vir hulle huiswerk kry nie. |

Kyk mooi na die staafdiagram op bladsy 19. Wat sê die diagram vir ons oor die hoeveelheid tyd wat kinders van verskillende ouderdomme aan TV kyk behoort te bestee? Wat is die aanbevole aantal ure?

| |
|---|
| |
| |
| |

Datum:

Ons skryf

Skryf drie nadelige gevolge van te veel skermtyd wat in die pamflet genoem word, neer.




Ons doen

Werk saam met 'n maat om 'n plakkaat te ontwerp wat kinders sal aanmoedig om aan ander aktiwiteite as TV kyk en videospeletjies deel te neem.

Ons skryf

Skryf nou 'n paragraaf om jou plakkaat te verduidelik. Verduidelik waarom kinders minder tyd voor 'n skerm en meer tyd aan ander aktiwiteite moet bestee.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou skryfwerk te **beplan**. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Vra 'n maat om dit te **hersien**. • **Korrigeer** jou teks. • Skryf die **finale weergawe** dan netjies in jou boek oor.

# 75 Waar dinge is

**'n Kykie na voorsetsels**

Voorsetsels sê vir ons waar dinge in verhouding tot mekaar is. Hulle kom voor selfstandige naamwoorde of voornaamwoorde.

Ons skryf

Kyk na hierdie prente van 'n hond wat 'n koerant koop. Vul die korrekte **voorsetsel** by elke prent in. Jy mag 'n voorsetsel meer as een keer gebruik.

oor | na | op | in

onder | uit | verby | langs



oor




















Ons skryf

Skryf nou vir elke prent 'n sin waarin jy een van hierdie voorsetsels gebruik.

1 Wagter stap **oor** die pad.

2

3

4

5

6

7

8

9

1 oor, 2 oor, 3 na, 4 in, 5 uit, 6 onder, 7 verby, 8 langs, 9 op

Datum:

# Pret met beeldspraak



Vind uit wat hierdie soorte beeldspraak is, en teken dan 'n prentjie om elke voorbeeld te illustreer.

## Vergelyking

'n **Vergelyking** vergelyk twee dinge deur die woord "soos" te gebruik.

| | |
|---|---|
| Ek het gisteraand soos 'n klip geslaap. | Hy is so stadig soos 'n trapsuutjies. |

## Metafoor

'n **Metafoor** vergelyk twee dinge deur te sê dat die een ding die ander ding **is** sonder om die woord **soos** te gebruik.

| | |
|---|---|
| Hy is 'n stoelpatat. Hy sit heeltyd voor die TV. | Dit reën paddas en platannas. Ons sal nie rugby kan speel nie. |



## Alliterasie

**Alliterasie** is die herhaling van dieselfde konsonant twee of meer kere na mekaar aan die begin van woorde.

| | |
|---|---|
| Die **r**ob **r**inkink op die **r**otse | Dit is die **w**inter**w**ind **w**at **w**aai. |



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Ons vind uit oor bullebakke





**Ons lees** Lees die pamflet en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Voordat jy lees**

- Kyk na die prente en opskrifte en voorspel waaroor die teks handel.
- Pas vlugleesvaardighede toe om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**

- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.




## Stop afknouery

Baie skoolkinders word afgeknou of "geboelie". Afknouery is 'n probleem wat ons in ons skole behoort te keer. Ons moet altyd op die uitkyk wees daarna.



### Wat beteken dit om afgeknou of "geboelie" te word?

Afknouery is aggressiewe gedrag van een kind teenoor 'n ander. Dit gebeur dikwels herhaaldelik.

Dit sluit dreigemente, tergery en belediging in. Dikwels word die kind wat afgeknou word, seergemaak of doelbewus van 'n groep uitgesluit.

### Waar word kinders afgeknou?

Afknouery kan oral plaasvind:

- by die skool
- op die speelgrond
- op skooluitstappies
- op pad skool toe
- in die toilette
- op die telefoon of internet

### Hoe voel dit om afgeknou te word?

Afknouery maak seer, en kinders wat afgeknou word, voel ongelukkig, bang en eensaam.

Die afknouery sal net ophou indien jy iemand daarvan vertel. As jy afgeknou word, moet jy 'n onderwyser of ander volwassene wat na jou sal luister en jou sal help, daarvan vertel.

As jy geen hulp kan kry nie, bel die Kinderlyn. Gebruik hierdie tolvrye nommer.

**Kinderlyn**
☎ 08000 55 555

### Wat kan jy doen as jy afgeknou word?

Vertel iemand. Vertel jou onderwyser of jou ma of pa of iemand anders in jou familie. Vra die persoon om jou te help besluit wat om te doen. Indien jy op die telefoon of internet afgeknou word, hou die boodskappe om dit vir 'n volwassene te wys.

Datum:



Bly positief. Probeer aan positiewe dinge dink, soos wat jy by die skool geniet, of wat jy goed kan doen. Onthou altyd dat daar mense is wat van jou hou en wat vir jou omgee.

Verdedig jouself. Sê vir die persoon wat jou afknou dat jy nie daarvan hou nie. Sê: "Ek hou nie daarvan nie". Sê dit met selfvertroue. As jy dink dat dit veilig sal wees, vra die afknouer wat sy of haar probleem is en of julle dit saam kan uitsorteer. Moet nooit met hom of haar praat wanneer julle alleen is nie. Vra 'n maat om jou te vergesel.

### Het iemand jou al 'n afknouer, 'n bullebak of 'n "boelie" genoem?

Dit voel nie lekker om 'n "boelie" of 'n bullebak genoem te word nie. Niemand hou van bullebakke nie. Soms weet jy nie hoekom jy 'n bullebak genoem word nie, maar soms weet jy hoekom. As iemand jou so noem, sal jy moet nadink oor wat jy doen en oor hoe jy jou gedrag kan verander.

Jy kan hulp vra om jou gedrag te verander. Gesels met jou ouers of onderwysers en kry hulp.

### Wat moet jy doen as jy 'n "boelie" is?

- Erken dat jy 'n afknouer of bullebak is, en begin jou gedrag verander.
- Probeer uitwerk hoekom jy so optree.
- Sê vir die persoon wat jy afgeknou het jy is jammer. Om jammer te sê, is die eerste stap om dinge beter te maak.
- As die persoon nie met jou wil praat nie, skryf vir hom of haar 'n e-pos of stuur 'n SMS.
- Vertel jou onderwyser wat jy gedoen het en vra hom of haar om jou te help om jou gedrag te verander.

### Wat moet jy doen as jy weet iemand word afgeknou?

Indien jy weet dat iemand afgeknou word, het hy of sy jou hulp nodig. Al sal jy dit nie self kan stopsit nie, sal jy nogtans kan help.

- Praat met jou onderwysers oor die afknouery.
- Help die persoon wat afgeknou word, om na 'n veilige plek toe weg te kom.
- Vra hom of haar om by jou groep of jou speletjie aan te sluit.



Ons praat

- Is jy al ooit afgeknou?
- Hoe het jy gereageer?
- Met wie kan jy praat indien jy afgeknou word?

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 77 Dink verder na oor afknouery



Ons skryf

Lees die pamflet oor afknouery, pas **soekleesvaardighede** toe en beantwoord dan hierdie vrae.

Vir wie is hierdie pamflet geskryf? Maak 'n regmerkie ✔ in die korrekte blokkie. Jy mag meer as een blokkie merk.

- [ ] Ouers
- [ ] Kinders wat afgeknou word
- [ ] Bullebakke
- [ ] Onderwysers

Waarom sê jy so? Haal 'n sin uit die pamflet aan om jou antwoord te staaf.

Verbind hierdie woorde met hul betekenisse.

| | |
|---|---|
| internet | beskerm |
| verdedig | uitwerk |
| selfvertroue | rekenaarnetwerk |
| uitsorteer | sekerheid |
| erken | beken; bieg |

Noem vier plekke waar afknouery plaasvind.

Noem drie dinge wat gedoen kan word indien jy afgeknou word. Wat kan jy doen as jy party dinge al probeer het maar nog nie die afknouery kan keer nie?

Hoe kan iemand oor die telefoon of op die internet afgeknou word?

Ontwerp 'n plakkaat om kinders te oorreed om mekaar nie af te knou nie.

# Die direkte en indirekte rede




**Direkte rede:** Dit is iemand se direkte woorde, bv.
Hy vra: "Kan ek jou help?"

**Indirekte rede:** Iemand se indirekte woorde, bv.
Hy vra of hy haar kan help.

**Vereistes vir die indirekte rede:**

1. Die aanhalingstekens val weg.
2. Die hooflettergebruik verander.
3. Voornaamwoorde verander.
4. 'n Vraagsin in die direkte rede word in die indirekte rede 'n stelsin. Die vraagteken val ook weg.






Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die indirekte rede oor.

Die onderwyser sê: "Indien jy afgeknou word, moet jy dit rapporteer."

Die sosiale werker vra: "Word een van julle afgeknou?"

Die onderwyser sê: "Indien jy niemand het om mee te praat nie, kan jy die Kinderlyn by 08000 55 555 bel."

Die sosiale werker sê: "Bullebakke moet hulle gedragspatrone verander."

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

**Onthou jy nog hoe woorde gevorm word?**

- Basiswoorde (die kleinste selfstandige dele van woorde)
- Afleidings (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel)
- Samestellings (basis + basis)

**Sinonieme** is woorde met dieselfde betekenis.

**Antonieme** is woorde met die teenoorgestelde betekenisse.

**Homonieme** is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat verskillende betekenisse het, bv. **bly**, wat **woon** of **vrolik** kan beteken.







**Bywoorde** beskryf werkwoorde. Hulle vertel vir ons wanneer (tyd), hoe (wyse), hoeveel (graad) of waar (plek) 'n aksie plaasvind.

**Voornaamwoorde** is woorde wat in die plek van noemname of ander naamwoorde gebruik word, bv. hy, sy.

## WOORDSPELETJIE

Speel die woordspeletjie en kyk hoe vinnig jy die eindpunt kan bereik.

**Reëls**

Hoe om dit te speel

- Skiet 'n muntstuk op. As jy kop kry, beweeg jy twee plekke vorentoe. As jy munt kry, beweeg jy net een plek vorentoe.
- Beantwoord die vraag waarop jy land.
- As jy reg is, kry jy nog 'n beurt.
- As jy verkeerd is, is dit jou maat se beurt.
- Die een wat eerste klaarmaak, is die wenner.

**BEGIN**

1. Gee 'n antoniem vir **min**.
2. Gee 'n sinoniem vir **bullebak**.
3. Is die woord **skoolkinders** 'n samestelling of 'n afleiding?
4. Wat is die voorvoegsel in die woord **afgekou**?
5. Skuif 2 plekke terug.
6. Gee 'n antoniem vir **altyd**.
7. Gee die verkleinwoord vir **kind**.
8. Gee die **voornaamwoord** in die sin: Hy is 'n bullebak.
9. Gee die meervoud vir **toilet**.
10. Slaan 'n beurt oor.
11. Gee die verkleinwoord vir **speelgrond**.







Datum: ____




**12** Gee 'n sinoniem vir **seergemaak**.

**13** Gee 'n antoniem vir **ongelukkig**.

**14** Is die woord **boodskappe** 'n samestelling of 'n afleiding?

**15** Skuif 3 plekke terug.

**16** Wat is die agtervoegsel in die woord **gelukkige**?

**17** Is die woord **kinderlyn** 'n samestelling of a afleiding?

**18** Gee die meervoud vir **nommer**.

**19** Gee die verkleinwoord vir **telefoon**.

**20** Verbeur 'n beurt.

**21** Gee die **voornaamwoorde** in die sin:
Hy deel sy emosies.

**22** Gee 'n sinoniem vir **beskerm**.

**23** Gebruik die homoniem **berg** (om te bêre/landmerk) in 2 sinne sodat die verskillende betekenisse duidelik word.

**24** Gee die meervoud vir die woord **skool**.

**25** Stop en **sing** 'n liedjie.

**26** Gee die **bywoord** in die sin:
'n Mens moet nooit iemand anders afknou nie.

**27** Gee die verkleinwoord vir **kind**.

**28** Gee 'n sinoniem vir **moeder**.

**29** Gee 'n antoniem vir **stilbly**.

**30** Spel jou naam **agterstevoor**. (As jy dit nie kan doen nie, skuif terug na 28.)

**31** Gee 'n sinoniem vir **praat**.

**32** Wat is die agtervoegsel in die woord **afknouery**?

**33** Is die woord **stopsit** 'n samestelling of a afleiding?

**34** Gee die meervoud vir **plek**.

**35** Skuif 3 plekke terug.


**36** Gee die **bywoord** in die sin:
Jy moet altyd vir iemand vertel as jy afgeknou word.

**37** Gee die verkleinwoord vir **probleem**.

**38** Gee die voornaamwoorde in die sin:
Hulle praat met mekaar.

**39** Gee die meervoud van **onderwyser**.

**40**











ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# 79 Ontwerp 'n pamflet




Gaan kyk weer na werkkaart 73 en 76, en kyk na die ontwerpe van die twee pamflette. Jy gaan nou jou eie pamflet oor afknouery ontwerp. Gebruik die volgende beplanner om jou te help. Op jou voorblad moet jy 'n prent hê om die leser se aandag te trek. Jy moet ook 'n pittige opskrif en 'n slagspreuk hê, byvoorbeeld "Sit afknouery nou stop!". Teken op elke bladsy 'n prentjie om jou idees te illustreer. Onthou om die telefoonnommer vir die Kinderlyn op die laaste bladsy in te voeg.

| | | |
|---|---|---|
| 3 Agterblad: Kontakbesonderhede vir die Kinderlyn | 2 Waar afknouery plaasvind | 1 Voorblad |
| 6 Wat jy kan doen indien jy afgeknou word | 5 Hoe jy iemand kan help wat afgeknou word | 4 Wat jy kan doen indien jy 'n afknouer is en wil ophou |




Knip nou die volgende bladsy uit en vou die bladsy om 'n pamflet te vorm. Gebruik jou beplanner om die pamflet netjies te voltooi.

5

AGTERBLAD: algemene inligting soos die telefoonnommer, adres en e-posadres vir Kinderlyn.

6

VOORBLAD: vou vorentoe


1

2

3

4

| EK KAN … | | |
|---|---|---|
| 'n teks aan die hand van 'n prent /titel bespreek en voorspel. | | |
| 'n staafdiagram interpreteer. | | |
| 'n dagboekinskrywing lees. | | |
| 'n storie lees. | | |
| 'n inligtingspamflet lees. | | |
| vrae op grond van 'n storie beantwoord. | | |
| vrae op grond van 'n dagboekinskrywing beantwoord. | | |
| vrae op grond van 'n pamflet beantwoord. | | |
| 'n pamflet ontwerp. | | |
| 'n plakkaat ontwerp. | | |
| 'n dagboekstukkie beplan en skryf. | | |
| 'n slot vir 'n storie skryf. | | |
| woorde met hul betekenisse verbind. | | |
| enkelvoudige sinne verbind om saamgestelde sinne te vorm. | | |
| saamgestelde sinne in enkelvoudige sinne verdeel. | | |
| metafore, vergelykings en alliterasie identifiseer. | | |
| werkwoorde identifiseer. | | |
| bywoorde met werkwoorde verbind. | | |
| voorsetsels in sinne identifiseer. | | |
| voegwoorde gebruik om sinne te verbind. | | |
| voorsetsels korrek gebruik. | | |
| samestellings en afleidings onderskei. | | |
| sinonieme en antonieme gee. | | |
| homonieme in beskrywende sinne gebruik. | | |
| sinne in die indirekte en direkte rede skryf. | | |





Ons doen

Vra jou maats om vriendskaplike boodskappe in die spasies hieronder te skryf.

Voorbeeld:

*Aan my maat Anita*
*Ek sal altyd probeer om na jou om te sien.*
*Van Marié*



Inhoud

# Tema 6: Doenighede en gedigte

Kwartaal 3: Week 5 - 10


## Kwartaal 3: Week 5 - 6
## Stories en gedigte

81 Lees 'n storie 36
Lees die titel van die storie en voorspel die storie.
Luister na en lees die storie.
Beantwoord vrae wat op die storie gebaseer is.

82 Dink na oor die storie 38
Bespreek vrae in groepverband.
Beantwoord vrae wat op die toneelstuk gebaseer is.
Voltooi 'n blokkiesraaisel deur van versamelname gebruik te maak.

83 Skryf jou eie toneelstuk 40
Beplan om 'n toneelstuk te skryf deur 'n geheuekaart en 'n tabel te gebruik.
Skryf 'n toneelstuk.

84 'n Kykie na taal 42
Skryf sinne deur voorvoegsels te gebruik.
Skryf sinne deur agtervoegsels te gebruik.

85 Die jakkals en die eendjie 44
Lees die gedig aandagtig deur.
Identifiseer rymwoorde.
Teken prentjies wat op die gedig gebaseer is.

86 Gedigte uit Afrika 46
Lees vormgedigte.
Vind rymwoorde in die gedigte.
Teken illustrasies wat by die strofes van die gedig pas.

87 Skryf 'n gedig 48
Beplan om 'n vormgedig te skryf.
Skryf die gedig in rofwerk en dan netjies oor.

88 Kan jy onthou? 50
Skryf sinne oor deur die korrekte leestekens te gebruik.
Herskryf sinne in die indirekte rede.

## Kwartaal 3: Week 7 - 8
## Mense en plekke

89 Mense en plekke 52
Kyk na 'n Suid-Afrikaanse kaart en lees oor kinders uit elke provinsie.
Tabuleer inligting oor die kinders uit elke provinsie.

90 Alles oor taal 54
Maak 'n opname oor verskillende tale en tabuleer bevindinge.
Lees 'n diagram.
Beantwoord vrae wat op die diagram gebaseer is.
Beantwoord vrae wat op die kaart gebaseer is.
Gebruik voegwoorde om enkelvoudige sinne in saamgestelde sinne te verander.

91 Skole regoor die wêreld 56
Lees 'n wêreldkaart en beskrywings van verskillende skole in ander lande.

92 Skoolbywoning in ander lande 58
Beantwoord vrae wat op die wêreldkaart gebaseer is.
Lys probleme wat uit die bespreking voortvloei.
Verbind lande en vastelande.
Voltooi 'n vraelys oor skooluniforms, etes, ens.
Skryf sinne deur die antwoorde in die vraelys te gebruik.

## Kwartaal 3: Week 9 - 10
## Pret met poësie

93 Pret met gedigte 60
Bespreek die gedig en tongknoperwoorde.
Vind rymwoorde in die gedig.
Identifiseer personifikasie in die gedig.
Oefen om tongknopers te sê.
Identifiseer alliterasie in die gedig.

94 Nog gedigte vir ons plesier 62
Lees 'n gedig.
Beantwoord vrae wat op die gedig gebaseer is.
Vind rymwoorde in die gedig.
Vind sinonieme en antonieme in die gedig.
Identifiseer die hoofwerkwoorde en die hulpwerkwoorde in sinne.

95 Skryf jou eie gedig 64
Voltooi die strofes van 'n gedig deur rymwoorde in te vul.
Beantwoord vrae wat op die gedig gebaseer is.
Beplan om 'n gedig te skryf deur die gedigbeplanner te gebruik.

96 Nog 'n kykie na taal 66
Omkring die selfstandige naamwoorde en die byvoeglike naamwoorde in sinne.
Voltooi tabelle deur trappe van vergelyking en intensiewe vorme te gebruik.
Vul meervoude en verkleinwoorde in 'n tabel in.
Dui homonieme en homofone aan.
Herskryf sinne deur die korrekte leestekens te gebruik.






# Lees 'n storie




## Die wolf en die sewe bokkies



Ons lees

- Lees die titel van die storie en voorspel waaroor die storie handel.
- Luister na die storie terwyl jou onderwyser dit voorlees.
- Lees die kinderverhaal dan self, en beantwoord die vrae in die volgende werkkaart.

Die storie is in **dialoogvorm** geskryf en kan ook as 'n drama/ toneelstuk aangebied word.



'n Mammabok en haar sewe klein bokkies het baie diep in die bos **gebly**. Hulle kos het opgeraak en die mammabok het geweet sy moet kos in die bos gaan soek.

**Mammabok:** Kinders, mamma gaan vir ons kos soek in die bos. Julle moet versigtig wees, sluit die huis en moenie die deur vir enigiemand oopmaak nie, veral nie die wolf nie! Hy sal julle **opeet**. Julle sal die wolf aan sy growwe stem en sy swart pote herken.

**Bokkies:** Mamma hoef nie bekommerd te wees nie, ons sal mooi na onsself kyk en ons sal nie die deur vir die wolf oopmaak nie.

Dit was nie lank nie, toe is daar 'n klop aan die deur.

**Wolf:** Liewe kinders, maak die deur oop, mamma is terug. Ek het **heerlike** kossies saamgebring vir julle om te eet.

**Bokkies:** Ons sal nie die deur oopmaak nie. Jy is nie ons mamma nie! Sy het 'n fyn, sagte stem. Jy is die nare ou wolf!


Die wolf hou nie daarvan om **betrap** te word nie. Hy **vererg hom bloedig** en gaan eet kalk om sy stem fyner en sagter te laat klink.

**Wolf:** Maak oop die deur, my liewe kinders, mamma is terug.

Die wolf se stem klink nou fyner en sagter. Die bokkies is **op die punt** om die deur oop te maak toe hulle die wolf se swart pote deur die venster gewaar.

**Bokkies:** Ons sal nie die deur vir jou oopmaak nie! Ons mamma het nie swart pote nie. Jy is die nare ou wolf!

Teen hierdie tyd is die wolf baie honger en hoogs geïrriteerd. Hy druk sy pote in koekmeel sodat hulle spierwit word. Toe gaan klop die nare ou wolf weer aan die deur.



**Wolf:** Bokkies, ek is terug. Maak asseblief die deur vir mamma oop. Ek het baie kos vir julle gebring!

**Bokkies:** Wys eers vir ons mamma se poot, dat ons seker kan maak dis mamma.

Die nare ou wolf hou toe sy **spierwit** poot voor die venster, sodat hulle dit kan sien.

**Bokkies:** Goed, mamma, ons sluit vir mamma die deur oop.

Die bokkies sluit opgewonde die deur oop, maar toe sien hulle dit is die nare ou wolf! Hulle skrik hulle **boeglam** en raak **vreesbevange**. Hulle probeer wegkruip. Een bokkie kruip onder die tafel in, 'n tweede een kruip binne-in die bed, 'n derde een kruip in die stoof weg, die vierde bokkie kruip in die kombuis weg, die vyfde bokkie kruip in die kas weg, die sesde bokkie kruip onder die wasbak weg en die sewende bokkie klim binne-in die staanhorlosie. Die wolf kry ses van die bokkies en sluk al ses bokkies heel in. Die kleinste bokkie bly egter veilig in die staanhorlosie.

**Mammabok:** Waar is julle, my kinders?

**Bokkie 7:** Mamma, hier is ek, binne-in die staanhorlosie. Die wolf het al my boeties en sussies ingesluk.

Mammabok is **smoorkwaad**. Sy hardloop rivier toe om die wolf te gaan soek, en kry hom onder die bome, waar hy heerlik lê en slaap. Mammabok gluur hom aan en sien sy **pens** beweeg.

**Mammabok:** Is dit moontlik dat my kinders steeds kan lewe? Bababokkie, gaan haal gou my skêr, naald en garing.

Mammabok slaan wolf bewusteloos met 'n stomp en sny sy maag versigtig oop. 1, 2, 3, 4, 5, 6 spring haar kinders die een na die ander uit die nare ou wolf se maag.

**Bokkies:** Hoera, ons lewe almal nog!

**Mammabok:** Kry elkeen gou 'n groot klip en pak dit binne-in wolf se pens.

Saam pak hulle wolf se pens vol klippe. Toe werk mammabok wolf se pens toe. Toe wolf uiteindelik sy bewussyn herwin, is hy **verskriklik** dors.

Wolf leun vooroor om water te drink, maar o wee, sy swaar maag veroorsaak dat hy vooroor val, binne-in die rivier in. Sy maag is so swaar dat hy nie kan dryf nie, en toe verdrink hy. Dit was die laaste sien van die nare ou wolf.

# Dink na oor die storie



**Vluglees**: Om 'n teks baie vinnig te lees met die doel om 'n oorsig daarvan te verkry.

**Soeklees**: Om jou oë oor 'n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te kry.






**Vluglees** die teks weer en bespreek die volgende vrae dan in groepverband:

- Ons weet dat sprokies en kinderverhale dikwels baie onwaarskynlike gebeure beskryf. Watter onwaarskynli gebeurtenisse vind in die storie oor die bokkies plaas?
- Wat is die agtergrond waarteen die storie hom afspeel? Beskryf die twee tonele waar die gebeurtenisse plaasvind.




Voer 'n rolspel van die storie in groepverband op. Julle het die volgende karakters nodig: Die mammabok, 7 bokkies, die wolf en die verteller.




Som die storie in jou eie woorde in jou klaswerkboek op. Gebruik die volgende woorde om jou te help om die korrekte volgorde te behou.

eerstens | toe | daarna | uiteindelik




| Wie is die karakters in die storie? |
|---|
| |
| Wat is die intrige van die storie? |
| |
| Wat was die mammabok se waarskuwing aan haar kinders? |
| |
| Watter wenke het die mammabok haar kinders gegee wat hulle sou help om die wolf uit te ken? |
| |
| |

**Intrige**: Die dinge wat in die storie gebeur, waarop die verhaal gebaseer is.

Dui aan waar elkeen van die bokkies weggekruip het.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 |
| 7 Staanhorlosie | | |

Noem drie dinge wat in die storie gebeur het wat nie in die regte lewe moontlik is nie.

| |
|---|
| 1 |
| 2 |
| 3 |

Datum: ______________

# Versamelname



Ons doen



Gebruik die prente en die leidrade om jou te help om hierdie blokkiesraaisel te voltooi. Vul die korrekte versamelname dan in die blokkies in.






**'n Kykie na versamelname**

Versamelname is name vir groepe mense, diere of dinge wat van dieselfde soort is. Voorbeelde hiervan is **'n tros druiwe** of **'n bos blomme**.

**Af**

1. 'n Trop ______________ (wilde diere)
2. 'n Bos ______________
3. 'n Vloot ______________
4. 'n Bende ______________
5. 'n Versameling mense ______________

**Dwars**

2. Uitgebroeide kuikens __________
3. 'n __________ bye
6. 'n Swerm __________
7. 'n __________ skape
8. 'n __________ skote

Antwoorde: Dwars: 2. Broeisel 3. Swerm 6. Voels 7. Trop 8. Sarsie
Af: 1. Trop 2. Blomme 3. Skepe 4. Rowers 5. Skare

# Sinonieme en antonieme

Soek **sinonieme** en **antonieme** uit die leesstuk en voltooi hierdie tabel.

**Sinonieme** - woorde met dieselfde betekenisse

**Antonieme** - woorde met teenoorgestelde betekenisse

| Sinonieme | |
|---|---|
| gewoon | |
| verslind | |
| smaaklike | |
| maag | |
| baie | |

| Antonieme | |
|---|---|
| groot | |
| harder | |
| gawe | |
| pikswart | |
| toe | |

Soek die drie intensiewe vorme in die storie en skryf hulle in alfabetiese volgorde hier neer.

| | | |
|---|---|---|
| | | |

ONDERWYSER: Teken ______________ Datum ______________

# Skryf jou eie toneelstuk







Werk saam met jou maats om 'n toneelstuk te skryf. Voltooi hierdie tabel om jou met die beplanning daarvan te help.

| Karakters<br>Vul die name van die karakters en die name van jou maats wat die rolle gaan vertolk in. | Beskryf die karakters. | Wat gaan elke karakter dra? | Wat gaan die karakters sê? |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |


Hou 'n dinkskrum in groepverband om idees vir die teks te kry en gebruik die geheuekaart om julle idees te orden.



Wie is die karakters?

Titel

Wat is die agtergrond? Beskryf die toneel.





Wat is die intrige?

Eerstens

Toe

Daarna

Uiteindelik


Datum:




Skryf die **eerste weergawe** van julle toneelstuk in jou klaswerkboek. **Hersien** en **korrigeer** dit, en skryf jou **finale weergawe** hier. Indien die spasie nie voldoende is nie, kan jy jou finale weergawe ook in jou klaswerkboek skryf.

Titel

| | |
|---|---|
| Agtergrond | |
| Karakters | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |



ONDERWYSER: Teken Datum

# ’n Kykie na taal



## Wat is ’n voorvoegsel?

’n Voorvoegsel is nie ’n volledige woord nie. Dit is ’n woorddeel wat voor aan ’n volledige woord (die basis of stam) gevoeg word. Elke voorvoegsel het sy eie betekenis. Wanneer ’n voorvoegsel by ’n basis gevoeg word, verander dit die betekenis van die basis.




Kyk na die voorbeeld. Wat gebeur as jy die voorvoegsel by die basis voeg? Wat beteken die nuwe woord nou?

| Voorvoegsel | + | Basis |
|---|---|---|
| on- | | net |






Omkring die voorvoegsels in elkeen van hierdie woorde. Onderstreep dan die basis.

verspreek, onbillik, onbevoeg, hervul, wangedra, herskryf, onteer, misverstaan, voorafbetaal, ontwapen, herken, onseker, misbruik, ongelukkig, vooraflees, misplaas, oordoen

Wat beteken hierdie voorvoegsels?

| Voorvoegsel | Betekenis | Voorvoegsel | Betekenis |
|---|---|---|---|
| her- | weer | ver- | anders |
| on- | nie | mis- | verkeerd |
| wan- | verkeerd | ont- | weg |




Skryf vyf sinne waarin jy woorde met voorvoegsels gebruik.

Datum:

# Wat is 'n agtervoegsel?

Agtervoegsels is soos voorvoegsels, behalwe dat hulle agter aan 'n basis gevoeg word om die basis se betekenis te verander.
Byvoorbeeld: Die agtervoegsel -vol beteken "vol van", dus beteken die woord **hoopvol** dat 'n mens vol van hoop is.




Kyk na die voorbeeld. Wat gebeur as jy die agtervoegsel en die basis saamvoeg? Wat beteken die nuwe woord?

| Basis | + | Agtervoegsel |
|---|---|---|
| *geluk* | | *-kig* |






Omkring die agtervoegsels in elkeen van hierdie woorde. Onderstreep dan die basis.

diertjie wonderlik manlik terugwaarts gelukkig vreesloos kleurvol swakheid begripvol kinderagtig netjies springend eetbaar voorwaarts drinkbaar vogtig dansend duimpie leesbaar lusteloos versamelaar gemaklik

Wat beteken hierdie agtervoegsels?

| Agtervoegsel | Betekenis | Agtervoegsel | Betekenis |
|---|---|---|---|
| -loos | sonder | -waarts | in die rigting van |
| -vol | vol van | -baar | kan gedoen word |
| -pie | verkleining | -lik | soos |
| -tjie | verkleining | -agtig | soos |




Skryf vyf sinne waarin jy woorde met agtervoegsels gebruik.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 85 Die jakkals en die eendjie




- Lees die gedig meer as een keer aandagtig deur om seker te maak jy verstaan dit.
- Lees die gedig dan hardop met gevoel. Maak ook van die gepaste gesigsuitdrukkings gebruik.

## Die jakkals en die eendjie

'n Vette eend het eendag al met die pad **geloop**.
Sy wou gaan rys en ertjies en lekkernye koop.

Maar langs die pad het Jakkals haar stil-stil **voorgelê**;
'n Eend hier in sy bladsak is net wat hy wou hê.

"Goeiemôre, liewe Eendjie, ek sien jou voete **pla**.
As jy in hierdie sak klim, sal ek jou mark toe dra."

"Nee dankie, meneer Jakkals, al pla my voete **ook**,
Dis beter in die paadjie as in jou pot te kook."

(Digter onbekend)



Datum:




Lees die gedig aandagtig deur. Bespreek al die vrae eers met jou maat en skryf dan die antwoorde neer.



Watter woorde rym met mekaar? Kyk weer na die gedig en omkring die woorde wat met die woorde in rooi rym. Skryf dit hier neer.



| geloop | voorgelê | pla | ook |
|---|---|---|---|
| | | | |

| Wat wou die eend gaan doen? |
|---|
| |
| |
| **Wie het haar in die pad voorgelê?** |
| |
| **Watter woord in die gedig sê vir ons die eend het die jakkals in die oggend raakgeloop?** |
| |
| |
| **Hoe het die eend gelyk?** |
| |
| **Dink jy die jakkals wou die eend regtig help?** |
| |
| **Wat sou met die eend gebeur het as sy in die jakkals se sak ingeklim het?** |
| |
| |
| **Dink jy dat 'n jakkals en 'n eend werklik kan praat?** |
| |
| |



# Gedigte uit Afrika





Ons lees

Kyk na die gedigte op hierdie bladsy.

Wanneer ons van die vorm van 'n gedig praat, bedoel ons die volgende:

- die ritme wat in 'n gedig aangetref word
- die lengte van die reëls
- die gebruik van woorde wat rym
- die reëlmaat waarin reëls gebruik word

Lees die gedigte nou deur.



Ons skryf

Gebruik dieselfde kleur om die pare rymwoorde in elkeen van die vormgedigte te onderstreep.



## Vusi ry die Kombi

Vusi ry die kombi om ons by die skool te kry.
Ons maak al die vensters oop om lekker koel te bly.

Ons sing en praat en die radio raas,
Maar ons luister na Vusi; hy is baas.

Hy is nooit te vroeg nie en ook nie te laat nie;
Hy is altyd vriendelik en word nooit nie kwaad nie.

Vusi se kombi kan jou orals heen vat –
Gooi net jou duim en staan langs die pad!



## EENSAME SEEKOEITJIE

**Op ’n goeie dag gaan**
**klein seekoei na die dam**
**Na ’n rukkie voel sy alleen**
**en sommer lam en tam.**
**”Ek is so alleen,” sê sy,**
**“maar ek gaan nou winkel toe loop.”**
**“Dalk sien ek een van my**
**maats of kan ek ’n swembroek koop.”**

## *TOE OLIFANT SKRIK*

*Eendag op ’n reëndag,*
*diep in die lowergroen woud,*
*Knyp ’n parmantige mier*
*’n olifant aan die boud.*
*Olifant skrik en*
*trompetter benoud:*
*Mier, ou dier, nou's jy mos*
*lekker stout!*

Datum:





## Waar is die Reën?

Die kameelperd en die olifant loop saam af in die straat.
Hulle gaan staan in die skaduwee en begin toe te praat.
"Ek wens dit wil weer reën," sê die kameelperd en sug.
"Ek sien die wolke kom op en dryf dan weer terug."
"Ja," sê die olifant, "waar is die reën dan tog?
Al die bome en plante verlang na die vog!
Die son skyn so warm en die grond is kurkdroog;
Ek hoop ons sien gou weer 'n mooi reënboog!"

Later die dag word die lug skielik grys,
Die termiete vlieg by hul gate uit en krys:
"Die reën is hier! Ons kan dit ruik in die lug!
Ons hoor die donderweer – die lente is terug!"
Die kameelperd en die olifant kyk verwonderd op;
Daar vlieg die swart arend met die spierwit kop.
Sy skree: "Die reën is hier; die riviere gaan weer vloei –
Die droogte is verby; nou kan die gras weer goed groei!"

(Bron: *http://www.canteach.ca,* verwerk)









In die gedig wat jy pas gelees het, gee die skrywer 'n aanskoulike beskrywing van die omgewing voor en ná die reën.

Lees die twee strofes weer aandagtig deur, en teken dan 'n prentjie wat by elke strofe sal pas.



| Strofe 1 | Strofe 2 |
|---|---|
| | |



# Skryf 'n gedig






Ons praat


Kyk na die vier prente. Beplan om 'n gedig te skryf.

- Aan watter onderwerp laat elke prent jou dink?
- Watter woorde gaan jy in jou gedig gebruik?
- Gaan jou gedig rym?

Werk in pare om die gedig te beplan. Skryf dit eers in jou klaswerkboek. Korrigeer dit en skryf die finale weergawe dan in die vorms hieronder in.



Datum:



# Kan jy onthou?





**Stellings** is sinne wat ons iets vertel.
Stellings eindig met 'n punt. .

*Ek is in graad 4.*

**Vrae** is sinne wat 'n antwoord verwag.
Vrae eindig met 'n vraagteken. ?

*Wanneer verjaar jy?*

**Bevelsinne** is sinne wat instruksies gee.
Bevelsinne eindig met 'n punt of 'n uitroepteken. . !

*Kom hier! Ek wil met jou praat.*

**Uitroepsinne** is sinne wat sterk gevoelens oordra soos verbasing, vrees of woede.
Uitroepe eindig met 'n uitroepteken. !

*Pasop! Jy gaan val!*




Skryf elke sin met die korrekte leestekens oor. Sê dan of dit 'n bevelsin, 'n vraagsin, 'n stelsin of 'n uitroepsin is.

jy moenie sê dat ek jou boek gevat het nie

het jy my trui dalk iewers gesien

sjoe kyk hoe vinnig hardloop hy

is jy seker jy het jou sokkerstewels gebring

die bus vertrek om 12-uur

bly asseblief sit totdat die klok lui

sies ek kan nie glo die hond het my kos opgevreet nie

Datum:

# Direkte en indirekte rede



**Vereistes vir die indirekte rede:**

1. Die aanhalingstekens val weg.
2. Die hooflettergebruik verander.
3. Voornaamwoorde verander.
4. 'n Vraagsin in die direkte rede word 'n stelsin in die indirekte rede. Die vraagteken val ook weg, bv.:

Direkte rede: Hy vra: **"Kan ek jou help?"**

Indirekte rede: **Hy vra of hy haar kan help.**





Ons skryf

Herskryf die volgende sinne in die indirekte rede.

| |
|---|
| Mammabok: "Mamma gaan kos soek in die bos." |
| |
| |
| Bokkies: "Gaan mamma lank wegbly?" |
| |
| |
| Mammabok: "Nee, maar julle moet die deur vir niemand oopmaak nie!" |
| |
| |
| Wolf: "Liewe kinders, maak die deur oop, mamma is terug." |
| |
| |
| Bokkies: "Hoera, ons lewe almal nog!" |
| |
| |









ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 89 Mense en plekke

**Ons praat**

Kyk na die kaart en sê vir jou maat watter provinsie die grootste bevolking het en watter provinsie die kleinste. Sê ook watter provinsies in die binneland lê en watter provinsies hul grense met meer as drie provinsies deel.

## Suid-Afrika




**Ons skryf**

Lees die beskrywing van elkeen van die kinders en vul dan die inligting oor hulle op die tabel in.



My naam is Malebo. Ek bly in Soshanguve in Gauteng. Ek is 10 jaar oud en ek is in graad 5. Ek praat Sepedi by die huis. My stokperdjie is lees. Ek behoort aan 'n boekklub en ons kom elke Saterdag by die biblioteek bymekaar. Ons gesels met mekaar oor die boeke wat ons gelees het en ruil dan boeke uit. Ek wil graag eendag 'n bibliotekaris word nadat ek die skool verlaat het.


Ek is Lulama en ek woon in Mthatha. My moedertaal is isiXhosa, maar ek praat ook isiZulu. Ek is 11 jaar oud en in graad 6. My spesiale talent is musiek. My pa bespeel die trompet en hy het my geleer om dit te bespeel. Nadat ek my skoolloopbaan voltooi het, wil ek musiek aan die universiteit gaan bestudeer.





My naam is Aluwani. Ek praat Venda. Ek bly in Thohoyandou in Limpopo. Ek is 14 jaar oud en in graad 9. Ek speel sokker vir my skool asook vir die onder 15-juniorspan genaamd die Black Leopards. Ek hoop ek kan eendag ná skool 'n professionele sokkerspeler word.

Ek is Refiloe. Ek is 10 jaar oud. Ek bly in die Vrystaat. Ek praat Sotho by die huis. Ek leer Sotho, Engels en Afrikaans by my skool. Die meeste van my maats praat ook Sotho, maar ek het een Afrikaanssprekende maat en twee Engelssprekende maats. Noudat ek in graad 4 is, word al ons lesse in Engels aangebied. Ek hou van skaak en hokkie. Ek wil graag 'n ingenieur word wanneer ek eendag die skool verlaat.



Datum:



Ek is Phaladi van Mahikeng in die Noordwes-provinsie. Ek is 12 jaar oud, ek praat Setswana en ek is in graad 7. Ek en my maats behoort aan 'n omgewingsklub. Ons kom oor naweke bymekaar en maak dan parke en rivieroewers skoon. Ons het baie pret terwyl ons werk, want ons geniet dit om saam te werk om ons omgewing te bewaar. Ek wil graag 'n wildbewaarder word nadat ek my skoolloopbaan voltooi het.

My naam is Zodwa en ek kom van Mbombela in Mpumalanga af. Ek is 'n elfjarige Siswati-spreker en is in graad 5. Ek hou van diere. Ek het drie honde en twee katte. Nadat ek die skool verlaat het, wil ek graag 'n veearts word. Ek werk elke Saterdag by die DBV. Ons het 'n katversorgingsgroep en ons kyk na hawelose diere.





Ek is Marieta. Ek bly in Kaapstad in die Wes-Kaap. Ek praat Afrikaans en is in graad 12. Ek hou daarvan om te swem en bring omtrent al my tyd op die strand deur. Ek is as lewensredder opgelei. Ek wil graag volgende jaar onderwys gaan studeer.

My naam is Jan en ek bly in Kuruman in die Noord-Kaap. Ek praat Afrikaans. Ek is 13 jaar oud en in graad 7. My stokperdjie is om groente en eksotiese plante te kweek. Ek wil graag eendag 'n tuinboukundige word nadat ek die skool verlaat het.





Ek is Mandu. Ek bly in Umlazi in KwaZulu-Natal. Ek praat isiZulu en Engels. Ek is 14 jaar oud en in graad 9. Ek het by 'n noodhulpklub by my skool aangesluit. Ek wil graag 'n verpleegster word nadat ek die skool verlaat het. Noodhulp is uiters nuttig. Ek het reeds 'n seuntjie se lewe gered.

| Naam | Ouderdom | Taal | Provinsie | Stokperdjie | Wil graag word |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Alles oor taal







Vra vyf maats watter taal hulle in verskillende situasies praat.

| | Skryf hulle name in die blou ry en sê dan watter tale hulle praat. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Naam | | | | | |
| By die huis | | | | | |
| In die klas | | | | | |
| Saam met maats | | | | | |
| By die winkel | | | | | |




Kyk na die diagram en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

% Watter amptelike tale praat ons in Suid-Afrika?




| | |
|---|---|
| Watter taal praat die meeste mense in Suid-Afrika? | |
| Watter taal word die minste in Suid-Afrika gepraat? | |
| Is daar enige tale wat volgens die kaart deur dieselfde aantal mense gepraat word? | |
| Wat is jou moedertaal? | |

Datum:




Skryf omtrent ses sinne waarin jy vertel watter tale jou maats in verskillende situasies gebruik.






Kyk aandagtig na die kaart op bladsy 52 en beantwoord dan hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| Hoeveel provinsies is daar in Suid-Afrika? | |
| In watter provinsie woon die meeste mense? | |
| In watter provinsie woon die minste mense? | |
| Hoeveel mense is daar in jou provinsie? | |
| Wat is die hoofstad van die Noord-Kaap? | |
| Watter provinsies is langs die see geleë? | |
| Watter provinsie beslaan die grootste oppervlakte? | |
| Watter provinsie het die langste kuslyn? | |

**Kyk na taal**

Gebruik die **voegwoorde** tussen hakies en herskryf hierdie enkelvoudige sinne as saamgestelde sinne.

| |
|---|
| Malebo hou van boeke. Malebo wil eendag ’n bibliotekaris word. (daarom) |
| |
| |
| Zodwa hou van diere. Sy wil eendag 'n veearts word. (en) |
| |
| |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Skole regoor die wêreld





Ons lees








## Frankryk

In Frankryk begin die skooldag om 8 vm. en eindig om 4 nm., met 'n etenspouse van twee uur tussen-in. Die leerders woon nie op Woensdae en Sondae skool by nie, maar hulle gaan 'n halwe dag lank skool op Saterdae. Hulle hoef nie skooluniforms te dra nie.





## Dubai

Die skoolure in Dubai duur van ongeveer 7:45 vm. tot 1:30 nm. Omdat dit baie warm is in die somer, is hul somervakansie baie lank. Die skoolkinders in Dubai mag nie hul skoolsakke op hulle rug dra nie omdat dit as nadelig beskou word. Hulle moet skooltasse op wieletjies gebruik.





## Brasilië

In Brasilië strek die skooldag van 7 vm. tot die middag. Die leerders gaan dan huis toe om middagete saam met hul gesinne te eet. Die meeste skole vereis dat die leerders 'n uniform moet dra.





## Kenia

Baie skole in Kenia voorsien middagete aan hul leerders. Sommige leerders hou dan 'n deel van hul ete oor om met hul gesinne te deel. Die leerders gaan Maandae tot Vrydae skool toe, en party van hulle gaan selfs Saterdae skool toe. Die leerders moet uniforms dra.

Datum:



## Iran

In Iran word seuns en meisies apart onderrig. Die meisies het gewoonlik vroue-onderwysers, terwyl die seuns deur mansonderwysers onderrig word.

## Suid-Korea

Alhoewel die skooldag in Suid-Korea van 8 vm. tot 4 nm. strek, bly baie leerders tot laat in die aand by die skool. Vanaf 5 nm. het die leerders studietyd. Voordat hulle huis toe gaan, maak hulle eers hul klaskamers skoon.








## Japan

Die leerders in Japan moet uniforms dra en daar is streng reëls oor netjiese haarstyle, skoene, sokkies en die lengte van rompe. Daar is gewoonlik 29 leerders in 'n klas, en die klaskamers het vyf of ses rekenaars wat die leerders met mekaar deel.

## China

Die gemiddelde skooldag strek van 7:30 vm. tot 5 nm., met 'n middagetepouse van twee uur lank tussen-in. Al die leerders kry gratis uniforms, maar hulle hoef dit nie te dra nie.





## Australië

In Australië strek die skooldag van 9 vm. tot 3:30 nm. Die kinders eet hul middagete by die skool.

# Skoolbywoning in ander lande






Kyk na die kaart en beantwoord dan die volgende vrae:

| |
|---|
| Watter land reken dat skoolsakke te swaar is vir skoolkinders om dit op hulle rûe te dra? |
| |
| In watter land gaan kinders die langste ure skool toe per week? |
| |
| In watter lande hoef die kinders nie 'n uniform te dra nie? |
| |
| Watter lande gee middagetes by die skool? |
| |




Watter probleme en uitdagings sou jy hê as jy vir middagete huis toe moes gaan en dan smiddae en saans moes teruggaan skool toe? Bespreek dit in julle groep. Maak 'n lysie van die probleme waaraan jou groep gedink het.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |

Kyk weer na die kaart. Op watter vastelande word hierdie lande aangetref?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Brasilië | | Japan | |
| China | | Kenia | |
| Frankryk | | Suid-Korea | |
| Iran | | Australië | |

Dink mooi na oor Australië!

Datum:




Stel hierdie vrae aan vyf maats en vul dan die vraelys in.



| |
|---|
| 1. Behoort skole gratis etes aan te bied? |
| 2. Behoort ons skooluniforms te dra? |
| 3. Is skooltasse of -sakke te swaar vir kinders? |
| 4. Behoort skole gratis uniforms te verskaf? |
| 5. Behoort die skooldag langer te wees? |

Antwoord ja of nee op elkeen van die volgende:

| | Skole behoort etes aan te bied. | | Ons behoort skooluniforms te dra. | | Skooltasse of -sakke is te swaar. | | Skole behoort gratis uniforms te verskaf. | | Skooldae behoort langer te wees. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maat 1** | | | | | | | | | | |
| **Maat 2** | | | | | | | | | | |
| **Maat 3** | | | | | | | | | | |
| **Maat 4** | | | | | | | | | | |
| **Maat 5** | | | | | | | | | | |
| **Totaal** | Ja | **Nee** | Ja | **Nee** | Ja | **Nee** | Ja | **Nee** | Ja | **Nee** |
| | | | | | | | | | | |




Skryf 'n paar sinne oor die antwoorde wat jou maats op hierdie vrae gegee het.

# Pret met gedigte

In hierdie afdeling gaan jy na verskillende soorte gedigte kyk en probeer om self ’n paar te skryf.





Ons praat

Kyk na die prent en die titel van die gedig. Waaroor dink jy handel hierdie gedig? Praat met jou maat hieroor.

Het jy al ooit oor jou woorde gestruikel?

Kan jy hierdie woorde baie vinnig sê?



**Rooi lorrie, geel lorrie, rooi lorrie, geel lorrie, rooi lorrie.**



Daar is ’n groot kans dat jy iets gesê het soos **rooi rorrie, geel lollie**! Ons noem dit ’n tongknoper.



Die skrywer van hierdie gedig het dalk dieselfde probleem gehad om sy gedig voor te dra. Sy tong het begin knoop en toe gebruik hy ’n l-klank in plaas van ’n r-klank in sy woorde.

## Die Raaisel van die Sonbesie

O gomgomgai! **loep** die voël
wat die bont **eiels** lê
Sonbesie, wat het jy **vil** my te sê?
Sonop **leeds** het jy jou vlymfluit
in ’n **vaalgloen** melkbos opgehang
Jou klank het **klag** man – my **ole** tuit
Na wie is dit wat jy **velang**?
O ek sien, jy's die son se **stlaal**
soms in bos of boompie vasgevang
Sonbesie, wat **stolie** jy **vil** my?
Êtse man, hou op met **sklee**!
Ek hensop **maal**, laat staan nog **stly**
– God het jou ’n sekelstem gegee!

(George H. Weideman)


Ons lees

Lees die gedig mooi deur. Lees dit dan hardop in groepverband.



Datum:

Waaroor handel die gedig?
Watter woorde was vir jou moeilik om te sê? Onderstreep hulle.

Ons praat

Ons skryf

Omdat die skrywer se tong begin knoop het, het hy 'n paar snaakse woorde gebruik. Hierdie woorde rym egter met ander woorde in die gedig. Soek die woorde waarmee hulle rym en skryf dit in die oop spasies in.

| velang | sklee | stly |
|---|---|---|
| | | |

Van wanneer af het die sonbesie al begin fluit?

Waar kan 'n mens sonbesies aantref?

## Personifikasie

Wanneer skrywers menslike eienskappe aan diere of dinge toeken, praat ons van **personifikasie**. Die skrywer gee in hierdie gedig aan die sonbesie menslike eienskappe.

Kopieer 'n sin uit die gedig wat wys dat die sonbesie soos 'n mens maak.

## Alliterasie

Ons doen

Oefen om hierdie tongknopers te sê.
Hoe vinnig kan jy dit sê?

**Sannie sê sy sal sewe sakke sout sleep, sewe sakke sout is swaar sowaar.**

**Wie weet waar Willie Wouter woon? Willie Wouter woon waar westewinde waai!**



**My liewe neef Louw, my neus jeuk nou.**
Jeuk my liewe neef Louw se neus ook nou?

Wanneer ons woorde naby aan mekaar gebruik wat met dieselfde letters begin, noem ons dit **alliterasie**.

Ons skryf

Lees die inligting oor **alliterasie** en onderstreep dan die herhaalde klanke in die tongknopers.

# 94 Nog gedigte vir ons plesier

Ons lees

Lees die gedig en beantwoord dan die vrae.



## Kabouterliefde

Die kabouter met die rooi-rooi pet
Die kabouter met die geel hemp aan
Het sy hart gisteraand vir my gegee
En sy hemp vir die maan.

Die hoepelronde blou-blou lug
Het kadoemps op die grond geval.
Hy't dit blink-blou in sy hand gerol
Toe speel ons daarmee bal.

Die sterre met hul wit ligte
Het geknipoog toe ons lag.
Hul't rondom ons in 'n kring getrek
Soos 'n laer in die nag.

*(Ingrid Jonker)*



Ons skryf

| |
|---|
| Hoe lyk die kabouter? |
| |
| Wat was die bal waarmee hulle gespeel het? |
| |
| Wat het die sterre gedoen toe die kabouter en die mensekind lag? |
| |
| Kopieer die sin wat ons vertel dat die kabouter lief was vir die mensekind. |
| |
| Dink jy die inhoud van die gedig is waar? Waarom sê jy so? |
| |

Soek woorde in die gedig wat met die woorde in die boonste ry rym, en vul hulle in die oop spasies in.

| aan | geval | lag |
|---|---|---|
| | | |

Datum: ____________

## Sinonieme en antonieme

Lees die gedig weer. Soek sinonieme en antonieme in die gedig om die tabel te voltooi.





Sinonieme is woorde met dieselfde betekenis.

Antonieme is woorde met die teenoorgestelde betekenis.

| Sinonieme | |
|---|---|
| hoed | |
| skitter | |
| skater | |
| sirkel | |

| Antonieme | |
|---|---|
| swart | |
| geneem | |
| dag | |
| werk | |




Omkring die hoofwerkwoorde in die volgende sinne met rooi en die hulpwerkwoorde met blou.

| |
|---|
| Die kabouter dra 'n rooi pet. |
| Die kabouter het 'n geel hemp aangehad. |
| Ons gaan met die blink-blou bal speel. |
| Hy het sy hart gisteraand vir my gegee. |

'n **Hoofwerkwoord** kan alleen in 'n sin staan, bv. Sy skil die appel.
**Hulpwerkwoorde** help die hoofwerkwoord om tyd aan te dui, bv.:
Sy **het** die appel geskil. (verlede tyd)
Sy **sal** die appel skil. (toekomende tyd)
Die appel **word** geskil. (teenwoordige tyd, passiewe vorm)

Vorm deelwoorde met die werkwoorde tussen hakies om hierdie sinne te voltooi.

| |
|---|
| Die kabouter kom al (**huppel**)_______________ nader. |
| Die (**speel**) _____________________________ kabouters het die sonskyn geniet. |
| Die (**skitter**)____________________________ sterre het helder bo die kabouters geskyn. |

'n **Deelwoord** is 'n nuwe woord wat van 'n werkwoord afgelei of gevorm word.
'n Deelwoord eindig op -de of -te, bv. speel – spelende.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 95 Skryf jou eie gedig

Gedigte bestaan uit **strofes** of **verse**. Elke strofe bestaan weer uit 'n aantal **versreëls**.



Ons skryf

Vul die ontbrekende rymwoorde in om hierdie 2 strofes te voltooi.

**Strofe 1**

muis
huis
alleen
been

**Strofe 2**

muis
tuis
jou
kou

**Kat en muis**

1 'n Kat sê eendag vir 'n ________________:
2 "Ek voel tog so ________________,
3 kom speel hier met my in die ________________,
4 dan gee ek jou 'n ________________!"

5 "Nee, dankie," sê die slimme ________________.
6 "Ek bly maar weg van ________________ -
7 by katte voel ek glad nie ________________,
8 hul wil my beentjies ________________!"



*(Helena J.F. Lochner)*



**Antwoorde:** 1 muis, 2 alleen, 3 huis, 4 been 5 muis, 6 jou, 7 tuis, 8 kou



Ons skryf

Waaroor handel hierdie gedig?


Hoekom wil die muis nie by die kat gaan speel nie?

Dink jy die muis was verstandig? Motiveer jou antwoord.

Datum:




- Skryf ’n gedig
- Jou gedig moet uit 2 strofes bestaan.
- Elke strofe moet uit vier reëls bestaan.
- Jy kan paarrym of kruisrym toepas.
- Werk saam met ’n maat en dink aan ’n onderwerp. Vul die titel van jou gedig op jou beplanner in.
- Waaroor gaan die gedig handel? Vul die tema van die gedig in.
- Skryf ’n paar toepaslike rymwoorde vir elke strofe neer.



● Gebruik die grafiese organiseerder om jou gedig te **beplan**. ● Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. ● Vra ’n maat om dit te **hersien**. ● **Korrigeer** jou teks. ● Skryf jou **finale weergawe** netjies in jou boek oor.

## Gedigbeplanner

| |
|---|
| Titel van gedig |

| |
|---|
| Tema van gedig |
| |

Vul die rymwoorde vir die strofes in.

| Strofe 1 | Strofe 2 |
|---|---|
| | |
| | |

Titel ____________________

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Nog 'n kykie na taal



- **Selfstandige naamwoorde** is die name van mense, plekke, dinge of idees.
- **Byvoeglike naamwoorde** beskryf selfstandige naamwoorde.

**Verbuigings van byvoeglike naamwoorde:**

- Trappe van vergelyking, bv. groot, groter, grootste
- Intensiewe vorme, bv. spierwit
- Verboë vorme, bv. moeg – moeë




Omkring die **selfstandige naamwoorde** in hierdie sinne met rooi en die **byvoeglike naamwoorde** met blou.

| |
|---|
| Die eensame kat het die muis probeer uitoorlê. |
| Die slim muis is nie deur die kat se slinkse plan mislei nie. |

Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:

Die (nuut) ______ bure se kat wil die muis eet.

Die kat klim in (hoog) ______ bome om muise te soek.








Voltooi hierdie tabelle.



| Trappe van vergelyking | | |
|---|---|---|
| baie | | |
| | benouder | |
| | | dofste |
| hoog | | |

| Intensiewe vorme | |
|---|---|
| wit | |
| kwaad | |
| koud | |
| ryk | |

Gebruik een van die intensiewe vorme in 'n beskrywende sin.

______



Datum:

# Werk met woorde






Voltooi hierdie tabel deur die meervoude en verkleinwoorde in te vul.

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| kat | | |
| huis | | |
| been | | |
| muis | | |

Skryf hierdie woorde in alfabetiese volgorde.

| kat | huis | been | muis |
|---|---|---|---|
| | | | |

Kies twee van die meervoudwoorde en twee van die verkleinwoorde en gebruik hulle om 4 beskrywende sinne te skryf.

Dui aan (□) of die **vetgedrukte** woorde homonieme of homofone is.

| Sin | Homofone | Homonieme |
|---|---|---|
| In die lente **bloei** die vrugtebome.<br>Ek het my vinger gesny en nou **bloei** dit. | | |
| Die president is die **leier** van die land.<br>Hy is 'n kanker**lyer**. | | |
| Gaan **haal** asseblief vir my 'n koeldrank.<br>Dit reën en **hael** nou vreeslik erg. | | |
| Ek **bly** baie lekker in George.<br>Ons was baie **bly** om die goeie nuus te hoor. | | |

**Homonieme** is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat verskillende betekenisse het.

**Homofone** klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse.

Herskryf hierdie sinne en vul die nodige hoofletters asook lees- en skryftekens in.

die slinkse kat se kom speel saam met my by my huis die muis is egter nie so dom nie en die muis sê vir die kat o nee so maklik gaan jy my nie vang nie

ONDERWYSER: Teken Datum

| EK KAN | ☺ | ☹ |
|---|---|---|
| ’n verhalende teks lees. | | |
| vrae op grond van die teks beantwoord. | | |
| byvoeglike naamwoorde gebruik om karakters in ’n storie beskryf. | | |
| ’n storie aan die hand van ’n geheuekaart oorvertel. | | |
| ’n storie aan die hand van ’n geheuekaart skryf. | | |
| woorde in ’n woordeboek naslaan en die betekenis daarvan opteken. | | |
| meerkeusevrae op grond van ’n teks beantwoord. | | |
| selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde in sinne identifiseer. | | |
| byvoeglike naamwoorde voor en ná selfstandige naamwoorde gebruik. | | |
| woorde met hul sinonieme verbind. | | |
| woorde met hul antonieme verbind. | | |
| voegwoorde gebruik. | | |
| sinne in die direkte rede oorskryf. | | |
| voor- en agtervoegsels by basisse voeg. | | |
| ’n toneelstuk lees. | | |
| ’n toneelstuk opvoer. | | |
| vrae beantwoord wat op ’n toneelstuk gebaseer is. | | |



Inhoud

# Tema 7: Feit en fiksie



## Kwartaal 4: Week 1 - 2
## Dis groot nuus


97 Vermis en gevind 70

Voorspel wat gebeur op grond van die prent, opskrif en onderskrif van 'n nuusberig.
Lees die nuusberig.
Identifiseer sinonieme in die teks.
Beantwoord vrae wat op die nuusberig gebaseer is.

98 Ons dink na oor die berig 72

Beantwoord vrae wat op die nuusberig gebaseer is.
Gebruik voegwoorde om sinne te verbind.
Vul 'n tabel op grond van die nuusberig in.
Skryf die direkte rede in praatborrels.
Skryf 'n dagboekinskrywing en gebruik eers, daarna, later en uiteindelik.

99 Ons skryf 'n nuusberig 74

Voltooi die beplanning vir die nuusberig.
Samel inligting in oor die nuusberig.
Redigeer en korrigeer die nuusberig en skryf dit dan netjies oor.

100 Ons leer meer van taal 76

Identifiseer hulpwerkwoorde.
Verdeel woorde in lettergrepe.
Bespreek die betekenis van opskrifte.

101 Lees meer daaromtrent! 78

Lees die nuusberig.
Verbind antonieme met mekaar.
Beantwoord vrae wat op die nuusberig gebaseer is.
Vertel 'n storie weer oor in die volgorde waarin dit gebeur het.
Gebruik die voorgeskrewe opskrifte.

102 Skryf 'n verslag 80

Doen 'n opname met maats as voorbereiding om 'n verslag te skryf.
Voltooi die beplanning vir die verslag.
Redigeer, korrigeer en skryf finale weergawe netjies oor.

103 Wat ons uit 'n woordeboek leer 82

Identifiseer die gebruike in 'n woordeboek, soos kopwoorde, trefwoorde, verskillende definisies en woordsoorte.

104 Onthou jy? 84

Skryf sinne in die lydende vorm oor.
Skryf sinne in die ontkennende vorm oor.
Stel 'n lys noodnommers op.
Gebruik voegwoorde om enkelvoudige sinne te verbind om saamgestelde sinne te vorm.


## Kwartaal 4: Week 3 - 4
## Woon 'n nuwe skool by


105 Pietie se towerstewels 86

Voorspel wat gebeur op grond van die prent en titel.
Vluglees die storie.
Lees die storie.
Beantwoord vrae wat op die storie gebaseer is.
Identifiseer vraagsinne, stelsinne en uitroepsinne.
Vergelyk twee situasies en tabuleer die bevindinge.
Bedink 'n slot vir die storie en maak dan 'n rolspel daaroor op.

106 Wat met Pietie gebeur het 88

Lees die res van die storie.
Vergelyk twee karakters.

107 Ons dink na oor Pietie 90

Beantwoord vrae wat op die storie oor Pietie gebaseer is.
Skryf 'n dagboekinskrywing vanuit Pietie se oogpunt en beskryf wat daardie dag gebeur het.
Vul die ontbrekende trappe van vergelyking in.

108 Skryf 'n brief aan 'n maat 92

Gebruik 'n geheuekaart om die brief te beplan en te skryf.
Gebruik die prente en voorstelle in elke paragraaf en skryf die brief netjies oor.

109 Ons lees 'n dagboek 94

Lees dagboekinskrywings.
Identifiseer verkleinwoorde en meervoudwoorde.
Vind intensiewe vorme in die teks.

110 Ons hou 'n dagboek by 96

Skryf drie dae se dagboekinskrywings.
Vul die korrekte bywoorde van graad in.
Verdeel woorde in lettergrepe.
Vul die korrekte trappe van vergelyking in.

111 'n Kykie na taal 98

Vul bywoorde van plek in om sinne te voltooi.
Nommer woorde in alfabetiese volgorde en verdeel hulle in lettergrepe.
Gebruik 'n woordeboek en vul afkortings in.
Skryf sinne in die ontkennende vorm.
Vul wederkerende voornaamwoorde in om sinne te voltooi.

112 Skryf 'n storie 100

Beplan jou eie storie.
Maak 'n knipselboek, en skryf en illustreer jou storie.




# 97 Vermis en gevind




Kyk na die koerantberig hieronder en probeer voorspel waaroor die berig handel. Wat kan jy uit die opskrif, die plekreël, die inleidende paragraaf, die prentjie en die byskrif aflei?

**Voordat jy lees**

- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die berig sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**

- Vergelyk jou voorspellings met die berig.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

Naam van koerant

DAGBLAD

28 September 2015 — Datum

## KNAP SKOOLDOGTERS RAAK VERMIS

Opskrif

Nadia Maritz — Naamreël

**Durban** — Plekreël

Inleidende paragraaf

**Gister het twee van Kiepersol-Laerskool se knapste Graad 4-skooldogters vermis geraak, maar hulle is baie vinnig deur die SAPS opgespoor.**

Vyftig Graad 4-leerders van Kiepersol-Laerskool is op 'n skooluitstappie na die pretpark op Durban se strandfront geneem as beloning omdat hulle baie goed in hulle ANA-eksamen presteer het.

Volgens Kiepersol se skoolhoof, mev. Tessa du Toit, is die twee Graad 4-klasse op die uitstappie geneem omdat hulle beter in vanjaar se ANA-eksamen as in vorige jare gevaar het. "Graad 4 A en B was die twee klasse wat hulle uitslae die meeste verbeter het," sê die trotse prinsipaal. "Hulle punte het van 'n lae 36% in Graad 3 tot 'n hoë telling van 68% in Graad 4 verbeter."

Die grootste verbetering is in die taaleksamen getoon. Een van die Graad 4-onderwysers, mnr. Klaas de Bruin, sê: "Ek het my klas **aangemoedig** om deur die loop van die jaar hard te werk, en hulle punte lewer bewys daarvan!"

"Ons het 'n veldtog met die naam 'n-Boek-'n-Week geloods, en ek het seker gemaak dat elke kind by die biblioteek aansluit," vertel 'n ander Graad 4-onderwyser, mev. Elsie Myeza. "Dit het hulle gehelp om hul taalpunte met 32% te verbeter," sê sy trots.



Onderskrif

*Vermiste skoolmeisies deur Konstabel Shozi opgespoor*

**Meisies raak vermis**

As **beloning** vir die

Datum:

verbetering in hulle punte is die Graad 4-leerders na die pretpark op die strandfront geneem. Ongelukkig het twee meisies, Nomsa Shabalala en Karien Burger, vermis geraak. Hulle is later weer **opgespoor** toe hulle hulle by 'n polisievrou in die pretpark **aangemeld** het.

"Ek was bang die ander het reeds sonder ons vertrek," het Nomsa gesê. "Dit het donker begin word en ons kon nie meer goed sien nie," het Karien bewerig bygevoeg.

Die meisies het afgedwaal en kon hulle groep nie weer opspoor nie. Nadat hulle oraloor gesoek het, het die twee verskrikte meisies 'n polisievrou gewaar en haar om hulp genader.

"Baie kinders verdwaal in die pretpark omdat hulle so opgewonde oor al die pretritte raak dat hulle vergeet om by hul onderwysers of ouers te bly. Ek het my kollegas gekontak, en hulle het die Kiepersol-Laerskool se groep opgespoor. Ons kon die meisies baie gou veilig aan hulle terugbesorg," vertel die **bekwame** Konstabel Shozi.

Die ANA-eksamen vind elke jaar in September plaas, en al die leerders in Graad 1 tot 6 en in Graad 9 lê hierdie eksamen af. Die uitslae toon aan die Onderwysdepartement met watter dele van die kurrikulum leerders sukkel, sodat die Departement die onderrig en leer op daardie gebiede kan verbeter.




Onderstreep die volgende sinne in die bostaande berig:

1 uitroepsin met blou		1 stelsin met rooi




Soek in die koerantberig sinonieme vir die volgende woorde en uitdrukkings:

| | |
|---|---|
| aangespoor | |
| gevind | |
| slimste | |
| doeltreffende | |
| prys | |
| gerapporteer | |




Vul die volgende besonderhede in.

| | |
|---|---|
| Wat is die naam van die koerant? | |
| Wat is die opskrif van die berig? | |
| Wat is die naamreël? | |
| Wat is die plekreël? | |
| Wat is die onderskrif? | |
| Wat is die datum van die koerant? | |
| Waarvoor staan ANA? | |

ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# Ons dink na oor die berig








Pas soekleesvaardighede toe om die volgende vrae te beantwoord:

Waaroor handel die koerantberig? (Wat is die hoofgedagte?)

Wanneer het dit gebeur?

Waarom het die skool die groep op 'n uitstappie geneem?

Wie het vermis geraak?

Hoe het die meisies vermis geraak?

Hoe is hulle weer opgespoor?




## Voegwoorde

Gebruik hierdie voegwoorde om die sinne hieronder te verbind.

want | toe | voordat | en | maar

| | | |
|---|---|---|
| Die Graad 4-klas is beloon. | Die Graad 4-klas het beter uitslae behaal. | want |
| | | |
| Hulle het hul onderwyser gesoek. | Hulle het 'n polisievrou gevra om hulle te help. | voordat |
| | | |
| Nomsa het van die mallemeule gehou. | Sy het die kermiswiel verkies. | maar |
| | | |
| Karien het goed gevaar in Wiskunde. | Sy het goed gevaar in Huistaal. | en |
| | | |
| Hulle het swak uitslae in Graad 3 behaal. | Hulle het goed gevaar in Graad 4. | toe |
| | | |

Datum:






Kyk weer na die berig in die vorige werkkaart.
Vul die inligting in wat elke persoon gegee het.

| **Naam** | **Wie is sy/hy?** | **Wat het sy/hy gesê?** |
|---|---|---|
| **Mev. Du Toit** | | |
| **Mnr. De Bruin** | | |
| **Mev. Myeza** | | |
| **Nomsa** | | |
| **Karien** | | |
| **Mej. Shozi** | | |

Skryf elke persoon se direkte woorde in die praatborrels neer.



Verbeel jou dat jy Karien of Nomsa is. Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy opsom wat daardie dag met jou gebeur het. Gebruik die woorde **eers, daarna, later** en **uiteindelik**.

*Liewe Dagboek* *Datum:*

ONDERWYSER: Teken Datum

# Ons skryf 'n nuusberig



- Gebruik 'n geheuekaart om jou skryfwerk te **beplan**. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Vra 'n maat om dit te **hersien** (redigeer). • **Korrigeer** jou teks. • Skryf jou **finale weergawe** netjies in jou boek oor.




Jy gaan nou jou eie nuusberig skryf. Waaroor sou jy graag wil skryf? Gebruik hierdie geheuekaart om jou te help om jou berig te beplan.

Skryf die opskrif vir jou berig.

Wat het gebeur?

Wie was betrokke?

Wanneer het dit gebeur?

Waar het dit gebeur?

Waarom het dit gebeur?

Hoe het dit geëindig?

Voltooi hierdie inligting oor jou berig.

| | |
|---|---|
| Naam van koerant | |
| Datum van koerant | |
| Plekreël | |
| Naamreël | |

- Vra jou maat om jou berig te **hersien** (redigeer).
- **Korrigeer** jou berig.
- Skryf jou **finale weergawe** netjies in die spasie op die volgende bladsy oor.

Datum:


Ons skryf

Skryf jou berig nou netjies oor in die spasie wat voorsien word.

| Naam van koerant | Datum |
|---|---|
| | |
| Opskrif | |
| | |
| Plekreël | Naamreël |
| | |
| Inleidende paragraaf | |
| | |
| | |
| | |
| Skryf jou nuus | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | Illustreer jou berig. |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | Skryf 'n onderskrif. |
| | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 100 Ons leer meer van taal




### 'n Kykie na hulpwerkwoorde

Jy weet reeds dat die **hoofwerkwoord** in 'n sin ons vertel wat die onderwerp doen. **Hulpwerkwoorde** is werkwoorde wat **help** om tyd te vorm.

Hulpwerkwoorde is woorde soos het, sal, moet, kan, mag, sou, moes, wou, kon.



Ons skryf

Onderstreep die hulpwerkwoorde in elke sin. Omkring dan die werkwoorde wat hulle help. Verander elke sin dan in 'n vraag.

| | |
|---|---|
| Hy wil slaap. | Wil hy slaap? |
| Ek kan Xhosa praat. | |
| Hulle mag gaan speel. | |
| Hulle het geëet. | |
| Ons moet hard werk. | |
| Ons mag huis toe stap. | |
| Hulle sal tuis bly. | |
| Ons het laat gekuier. | |
| Sy sou vir ons wag. | |
| Hulle het rugby gespeel. | |
| Hy wou gaan fliek. | |
| Hulle kon saamgaan. | |

Verdeel hierdie woorde in lettergrepe en sê hoeveel lettergrepe elke woord het.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ge/sle/pe | 3 | adjektiewe | | herkenning | |
| uitdrukking | | inligting | | verbinding | |

Skryf die bogenoemde woorde in alfabetiese volgorde.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

Datum:




Kyk na hierdie opskrifte en gesels met jou maat oor wat hulle dalk beteken.

**REËN SAAI VERWOESTING**



**BRAND LÊ GEBOU IN PUIN**



**Kinders swerm skool toe**

**Aardbewing skud dorp**




Kyk na elkeen van hierdie prente. Voorsien elkeen van ’n gepaste opskrif, en voeg dan ’n onderskrif by om te sê wat in die prent gebeur.




Opskrif

Onderskrif



Opskrif

Onderskrif



Opskrif

Onderskrif



Opskrif

Onderskrif

ONDERWYSER: Teken Datum

# Nuusblad

5 Oktober 2015

## WENNERS VERLOOR BYNA

Ansie de Beer

**Kaapstadse skoolseuns sterf byna aan vergiftiging nadat hulle 'n sokkerwedstryd wen. Die twee seuns drink per ongeluk paraffien omdat hulle dink dat dit water is.**

Pierre Cilliers, 10 jaar oud, en sy maat, die 11-jarige Jabu Zondo, was baie in hulle skik nadat hulle elk 'n doel in vandag se sokkerwedstryd by Tafelbergskool aangeteken het. Na die wedstryd het die twee seuns na Jabu se huis toe gegaan. Sy moeder, mev. Zondo, is 'n kleremaakster en was nie tuis nie. Die twee seuns was warm en dors en het besluit om lemoensap aan te maak. In plaas van water het hulle per ongeluk paraffien bygevoeg, wat in 'n gewone, ongemerkte houer was.

Toe hulle siek begin voel het, het Jabu by die buurman om hulp gaan aanklop. Mnr. Shozi, wat dadelik kon sien dat hulle siek is, het die Gifinligtingsentrum gebel. "Ek kon aan hulle vel en klere sien dat hulle paraffien gedrink het," het die goedhartige buurman gesê. "Hulle het gekla dat hulle maagpyn het. Ek het toe met hulle hospitaal toe gejaag en hulle lewens is gered."

Dr. Zuma, wat die twee seuns behandel het, het verduidelik dat paraffien baie gevaarlik is. "Baie mense weet nie dat paraffien ernstige siekte en selfs die dood kan veroorsaak nie," het sy gesê.

Paraffien behoort nooit in 'n ongemerkte houer gehou te word nie. Indien 'n kind paraffien inkry, neem hom of haar so gou as moontlik dokter toe. Dit is baie belangrik dat hy of sy **nie** iets moet eet of drink nie.

Paraffien hou ook ander gevare in. Dit veroorsaak jaarliks talle brande. Dit is nie net giftig nie, maar ook vlambaar. Terwyl 'n paraffientoestel soos 'n stoof of 'n lamp gebruik word, behoort die vertrek nie verlaat te word nie. Sien toe dat dit altyd op 'n stewige, plat oppervlak geplaas word waar dit nie sal omval nie.

Maak ook seker dat dit nie deur 'n jong kind of 'n troeteldier omgestamp kan word nie. Daar moet altyd 'n emmer sand byderhand gehou word. 'n Brand wat deur paraffien veroorsaak is, kan nie met water geblus word nie; trouens, water kan die vlamme laat versprei. Paraffienbrande kan slegs met behulp van sand of 'n brandblusser geblus word.



*Kort nadat hulle die wendoel aanteken, veg twee seuns om aan die lewe te bly.*



Ons skryf

- Onderstreep sinne in die berig wat in die direkte rede geskryf is met groen.
- Omkring woorde in die berig as volg:

3 kortklank-woorde met rooi
3 langklank-woorde met blou
3 dubbelklank-woorde met oranje
3 diftonge met pers

Datum:






Verbind die woorde in die boonste ry met hul antonieme (woorde met die teenoorgestelde betekenisse) in die onderste ry.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| onmiddellik | per ongeluk | vlambaar | stewig | vinnig |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| brandbestand | uiteindelik | doelbewus | stadig | wankelrig |




Soeklees die berig en beantwoord dan die volgende vrae.

| | |
|---|---|
| Wat is die naam van die koerant? | |
| Wat is die opskrif van die berig? | |
| Wat is die naamreël? | |
| Wat is die plekreël? | |
| Wat is die datum van die koerantberig? | |
| Op watter datum het die ongeluk plaasgevind? | |
| Wat is die onderskrifte? | |




Vertel die storie van die seuns wat per ongeluk vergiftig is weer oor. Gebruik die woorde in die raam hieronder om jou te help.

| |
|---|
| Eers |
| |
| Daarna |
| |
| Later |
| |
| Uiteindelik |
| |
| |
| |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

102

# Skryf 'n verslag




Ons praat

Jy gaan nou 'n verslag oor 'n probleem in jou omgewing skryf.

Vra vyf maats om vir jou te sê of enige van die volgende probleme in julle omgewing ondervind word. Elke keer wanneer een van hulle sê dat een van die volgende 'n probleem is, moet jy een blokkie inkleur. Werk uit watter probleem die algemeenste voorkom. Praat met jou maats oor 'n insident waaroor jy 'n verslag kan skryf.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **5** | | | | | |
| **4** | | | | | |
| **3** | | | | | |
| **2** | | | | | |
| **1** | | | | | |
| | **Brand** | **Gifstowwe in die huis** | **Padveiligheid** | **Waterongelukke** | **Kindermishandeling** |

Gebruik hierdie geheuekaart om jou te help om jou verslag te beplan.



| **Skryf die opskrif vir jou verslag .** | | |
|---|---|---|
| | | |
| Wat het gebeur? | Wie was betrokke? | Wanneer het dit gebeur? |
| Waar het dit gebeur? | Waarom het dit gebeur? | Hoe het dit geëindig? |

**Volg die skryfproses:**

1. Beplan jou verslag deur die geheuekaart te gebruik.
2. Skryf jou eerste weergawe in jou klaswerkboek.
3. Laat 'n maat jou verslag hersien (redigeer).
4. Korrigeer waar nodig.
5. Skryf jou finale weergawe op die volgende bladsy.

Datum:



Ons skryf

Skryf jou verslag hier.



Titel:

ONDERWYSER: Teken Datum

# 103 Wat ons uit ’n woordeboek leer




Ons lees

’n Verklarende woordeboek sê vir ons wat woorde beteken en hoe om hulle uit te spreek. Die woorde in ’n woordeboek is in alfabetiese volgorde gerangskik.

Die **kopwoorde** boaan die bladsye sê vir ons wat die eerste en laaste woorde op daardie bladsye is.

Die vetgedrukte woorde op die bladsy word die **trefwoorde** genoem. Dit help ons om die woorde wat ons soek, vinnig op te spoor.

Langs elke trefwoord word aangedui watter soort woord dit is – ’n selfstandige naamwoord, ’n werkwoord, ’n byvoeglike naamwoord of ’n bywoord. Indien dit ’n selfstandige naamwoord is, word die meervoud ook aangedui.

## maal

a b c d e f g h i j k l **Mm** n o p q r s t u v w x y z

**maal**, ww. (gemaal). Vermenigvuldiging: *Maal 12 met 6. Moet ek maal of deel?* **maal’teken.**

**maal**, ww. (gemaal). (*w.g.*) Beskryf, afbeeld.

**maal’gat**. Plek in ’n rivier, see, ens., waar die water vining en met groot geweld ronddraai of maal en drywende voorwerpe of swemmers intrek na sy middelpunt.

**maal’stroom**. **1.** Stroom wat ronddraai soos in ’n tregter. Vgl. DRAAIKOLK. **2.** (*fig.*) Verwarrende menigte: ’n Maalstroom van bedrywighede. *Jou in die maalstroom van die wêreld stort,* in omstandighede begewe wat jy nie kan beheer nie.

**maal’tand**. Kiestand, maler.



**maal’tyd**. **1.** Handeling van te eet: *Die ontbyt is die eerste maaltyd. Na die maaltyd.* **2.** Wat geëet word: *’n Lekker maaltyd opdien. Warm, ligte maaltyd.* UITDR.: *Wie nie pas op sy tyd, is sy maaltyd kwyt,* wie laatkom, kry geen kos nie.

**maal’tyd**. Tyd wanneer koring, suiker, ens gemaal word.

**maal’vleis**. Vleis wat fyngemaal is; gemaalde vleis; gehak: *Maalvleis eet.*

**maan**, s.nw. (mane; -tjie). Byplaneet van die aarde wat maandeliks daaromheen draai, sy lig van die son kry en dit op die aarde terugkaats: *Die maan skyn, kom op, groei , neem af. Die maan is vol. by donker maan.* UITDR.: **Alles** (*iemand*) *is na die maan,* verlore. *Vir die maan* **blaf**, iets tervergeefs doen; verniet uitskel. *Deur die maan* **getik** *wees,* mallerig wees. *Glo dat die maan van* **kaas** *gemaak is* – gesê van iemand wat hom maklik iets laat wysmaak. *Die maan* **kom** *op* – gesê van iemand met ’n kaal kop. **Loop** (*vlieg*) *na die maan*, trap, gaan na die duiwel. *Aan die maan wil* **vat**, die onmoontlike probeer doen. **Maan: … beskrywing, ..bewoner, ..foto, ..godin, ..kaart, ..kringloop, ..loos, ..reënboog, ..straal, ..vlek, ..vlug, ..vormig. maans: ...ondergang, ..opgang.**

**maan**, ww (gemaan). **1.** Aandring op betaling, op nakoming van verpligtinge: *Iemand om geld maan.* **2.** Aanspoor, opwek; waarsku: *Hy het ons tot versigtigheid gemaan. Teen gevaar maan. Iemand maan om sy verantwoordelikheid na te kom.* **Maan’brief.**

**maan**, (mane, maanhare). Sien MAANHAAR.

**maan’baan**. Baan wat die maan om die aarde en daarmee om die son beskryf.

**maand**, (-e) **1.** Elkeen van die twaalf tydperke, elk met sy eie naam, waarin ’n jaar verdeel word: *Die maand Februarie het 28 en in ’n skrikkeljaar 29 dae. Die 12 maande van die jaar. Die laaste maand (van die jaar) vakansie hou.* **2.** Periode van 30 of 31 dae: *’n Maand [se] salaris. ’n Bedrag oor nege maande terugbetaal. Hy het 6 maande gekry –* as tronkstraf. *Hy is al maande lank siek.* **maand: ..berig, ..geld, ..oud, ..staat, ..verslag.**

**Maan’dae**, bw. Ook **Maandags**. Op ’n Maandag, elke Maandag: *Maandae speel ons enkelspel, werk die predikant nie.*

**Maan’dag**. Tweede dag van die week: *Elke Maandag teruggaan koshuis toe. Maandag is wasdag. Blou Maandag,* dag waarop alles verkeerd loop. *Elke blou Maandag,* af en toe. **Maandag: ..aand, ..middag, ..more, ..oggend, ..nag, ..namiddag.**

**Maan’dags**, b.nw en bw. Ook **Maandae**. Op Maandag, wat Maandag betref: *Die Maandagse koerant. Iets wat Maandags gebeur. Maandags was die vrou altyd die week se wasgoed.*

**maand’blad**. Blad wat een maal per week verskyn.

**maan’de·lan·ge**, b.nw. Wat baie maande duur: *’n Maandelange oponthoud siekte.*

**maan’de·liks**, b.nw. en bw. Per maand,

93

Datum:

maar

al om die maand: *Maandelikse rekeninge. Maandeliks huishuur betaal. Maandelikse trossies nastergal* (D. J. Opperman)

**maan'haar**, (mane, maanhare). **1.** Langerige nekhare by sommige diere, bv. Leeu, perd: *Die perd se maanhare lê plat agtertoe soos hy hardloop. Sy maanhare rys gou,* hy is opvlieënd. **2.** Leeumannetjie. **Maan'haarleeu.**





**maan'haar**. **1.** Rif in die middel van 'n uitgeryde grondpad; middelmannetjie. **2.** Bergrug. **Maan'haarpad.**

**maan'haar·jak·kals**. Nagdier met maaanhaar en dik behaarde stert, geelrys met strepe, wat van miere en insekte leef en oor die hele S.A. voorkom; *Proteles critatus;* erdwolf, werewolf, nadroejakkals, gheip: *Die maanhaarjakkals behoort nie tot die familie van die ander jakkalse nie.*


**maan'jaar**. Jaar na die omloop van die maan bereken

**maans'om·loop**. Omloop van die maan

**maan'steen**. Spierwit edelsteen; veldspaat.



**maan'tuig**. Voertuig gebruik om die maan te bereik.



**maans'ver·duis·te ·ring**; verduistering van die maan as dit in die aarde se skaduwee kom.

**maan'tjie**, (-s). Vkw. van *maan*. **1.** Klein maan. **2.** Ligter gekleurde gedeelte aan die voet van vingernaels.

**maar**[1], (mare). Ketelvormige insakking in nie-vulkaniese gesteentes, gewoonlik 'n meer.

**maar**[2]. Ook **mare**. (*w.g.*) Tyding: *Hoor die blye mare* (Hallelujalied).

**maar**[3]. Voegw. om by teenstellende sinsverband twee sinsdele te verbind: *Nie woorde nie, maar dade is nodig. Hulle het oë, maar sien nie.* Ook gebruik as sydelingse teenwerping, bv. *maar verstaan jy dan nie?* II bw. **1.** Net, slegs: *Jy het maar een kans. Was hy maar hier. As hy maar wil gou maak.* **2.** Regtig, nogal, inderdaad: *Dis maar bra vervelend. Dit wil maar nie vlot nie.*





Die definisie sê vir ons wat die woord beteken. Wanneer 'n woord meer as een betekenis het, word die verskillende definisies genommer.

Sommige definisies gee voorbeelde van hoe die woord gebruik kan word.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Onthou jy?



- In die **bedrywende vorm** verskyn die sin in sy basiese vorm soos dit in die gewone skryf- en spreektaal voorkom: **onderwerp + gesegde + voorwerp**, bv. Die seuntjie gooi die bal.
- In die **lydende vorm** vorm ruil die onderwerp en die voorwerp om, bv.:
  - Die bal **word** deur die seuntjie gegooi. (teenwoordige tyd)
  - Die bal is deur die seuntjie gegooi. (verlede tyd)
  - Die bal sal deur die seuntjie gegooi **word**. (toekomende tyd)



Ons skryf

Skryf die volgende sinne in die lydende vorm oor, volgens die tydsvorme wat aangedui word:

Die kinders het paraffien gedrink.

| |
|---|
| Teenwoordige tyd: |
| Verlede tyd: |
| Toekomende tyd: |

Dr. Zuma behandel die seuns.

| |
|---|
| Teenwoordige tyd: |
| Verlede tyd: |
| Toekomende tyd: |

In die **ontkennende vorm** word sake in die negatiewe vorm gestel, bv. Sy het **nie** gebel **nie**.

Skryf hierdie sinne in die ontkennende vorm oor:

Hulle het die sokkerwedstryd gewen.

| |
|---|
| |

Die buurman het die seuns hospitaal  toe geneem.

| |
|---|
| |



Ons skryf

## My lys noodnommers

Soek die regte nommers op en vul hulle hier in.





| | |
|---|---|
| Polisie | 10111 |
| Ambulans | 10177<br>112 indien jy van 'n selfoon af bel |
| Gifinligtingsentrum | Gauteng: 0800 111 229 (tolvry)<br>KwaZulu-Natal: 0800 333 444 (tolvry)<br>Al die ander provinsies: 021 9316129 |
| Kinderlyn | 0800 055 555 (tolvry)<br>0800 123 321 (24 uur tolvry) |
| My ouers | |
| Iemand wat ek vertrou | |
| Ander | |

Datum:

**Ons skryf**

Gebruik een van die volgende **voegwoorde** om hierdie **enkelvoudige** sinne te verbind en **saamgestelde** sinne te vorm. Skryf jou sinne in die spasies wat voorsien is.



en want dus maar

| | |
|---|---|
| Jabu hou van lemoensap. | Hy hou ook van druiwesap. |
| | |
| Ons het nader aan die skool getrek. | Ek kan skool toe stap. |
| | |
| Hy verdwaal dikwels. | Hy het nie 'n padkaart nie. |
| | |
| Ek lees graag boeke. | Ek lees nie graag strokiesprentverhale nie. |
| | |

**Vir die pret**

Help die brandbestryder om by die brandende huis uit te kom.





ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Pietie se towerstewels



**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die berig sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die berig.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

## Ons praat

Kyk na die prent en die titel van hierdie werkkaart en gesels met jou maat oor waaroor die storie moontlik handel. **Vluglees** die storie deur die eerste en laaste sinne van elke paragraaf te lees.

Dink oor hoe jy moontlik sou voel indien jy 'n nuwe kind in 'n nuwe skool was.



## Ons lees

Lees die storie nou, en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Pietie sukkel om by sy nuwe skool aan te pas. "Hoekom moes ek na hierdie skool toe kom?" mompel hy vir homself terwyl hy met sy gesig in sy hande sit. "Hierdie kinders is so gemeen!"

Die vorige jaar moes Pietie by sy pa in Gauteng gaan woon. Hy moes sy ma en suster in Limpopo agterlaat. Hy moes ook sy klein dorpskooltjie en al sy ou skoolmaats agterlaat. Nou bly  hy in Johannesburg, en woon hy 'n skool met byna 1 000 kinders by.

Toe Pietie by sy nuwe skool begin het, het die kinders hom snaakse kyke gegee. Sy Afrikaans was nie watwonders nie, omdat hy nie by sy vorige skool Afrikaans gepraat het nie. Die kinders het hom geterg omdat hy klein is en 'n bril met dik lense dra. By sy ou skool het almal mekaar aanvaar. Hy mis sy maats en die gevoel van veiligheid wat hy by sy ou skool ervaar het. Hy mis ook sy ma en sy sussie.

Almal by sy nuwe skool is groter as hy, en almal presteer goed in sport.



Alhoewel hy nie sokker speel nie, weet Pietie baie van sokker. Hy kyk altyd na die groot wedstryde op TV. Hy ken al die spelers en weet teen wie hulle speel. Sport was egter nie baie belangrik by sy ou skool nie, en in elk geval het Pietie se ouers nie genoeg geld gehad om vir hom sokkerstewels te koop nie. By sy nuwe skool is sport baie belangrik! Die kinders wat goed in sport presteer, word as "koel" beskou, en dié wat nie goed presteer nie, word as bleeksiele beskou.

Een middag, toe al die kinders na die sportveld toe gaan, staan Pietie net en kyk, en wens hy hy het die moed gehad om by hulle aan te sluit. Maar hy het nie. Daarom

## Ons skryf

Onderstreep die volgende sinsoorte in die leesstuk hierbo:

1 vraagsin met blou 1 uitroepsin met groen 1 stelsin met rooi

Datum:



stap hy maar weer alleen huis toe. Hy stap sy gewone roete, oor die brug, by die sportwinkel en die kafee verby, en dan oor die veld. Net toe hy die brug oorsteek, word hy deur 'n groep bullebakke voorgekeer.

Een van die seuns gryp sy boekesak. Hulle begin dit heen en weer vir mekaar gooi. Toe klap Fanus, een van die grootste seuns in die skool, Pietie se bril van sy gesig af. Hy raap die bril van die grond af op en draf 'n entjie daarmee weg.

"Asseblief, gee my bril terug," pleit Pietie. "Ek kan niks daarsonder sien nie." Maar Fanus gooi die bril in die pad in terwyl hy laggend saam met die ander bullebakke wegstap.

Pietie gaan die bril optel, en hy kan sy oë skaars glo. Hy het gedink dat sy bril stukkend sou wees, maar dit is nie. Dit het 'n sagte landing op 'n kartonboks gehad, en gelukkig het dit toe nie gebreek nie.

Pietie tel sy boekesak en sy bril op. Toe tel hy die boks op. Dit voel swaar. Hy skud dit. Daar is iets binne-in!



Ons skryf

Omkring die volgende woorde in die leesstuk hierbo:

3 basiswoorde met rooi    3 samestellings met groen    3 afleidings met blou

Vergelyk Pietie se huidige situasie met sy vorige situasie.

| | Hoe dit was | Hoe dit nou is |
|---|---|---|
| Familie | Hy het saam met sy ma en sy suster gewoon. | Hy woon by sy pa. |
| Skool | | |
| Taal | | |
| Maats | | |
| Sport | | |
| Gevoelens | | |



Ons rolspeel

Gesels oor hoe die storie sal eindig. Bedink 'n slot vir die storie en maak dan 'n rolspeel daaroor op.



Ons skryf

Skryf 'n einde vir die storie.

# Wat met Pietie gebeur het






Lees die res van die storie. Kyk wie se slot met die werklike slot ooreenstem.



Pietie skud die boks weer. Hy draai dit om en bekyk dit van alle kante om te sien of dit aan iemand behoort. Toe maak hy dit versigtig oop, en tot sy verbasing kry hy een sokkerstewel daarin. Hy kyk om hom rond om te sien of iemand dit laat val het. Toe pas hy die stewel aan, en dit pas hom perfek. “Dit help egter nie veel nie,” sê hy vir homself. “Daar’s net een stewel!”

Op daardie oomblik gooi die eienaar van die sportwinkel nog ’n sokkerstewel by sy winkel uit. “Ons sal nie hierdie stewels kan verkoop nie,” sê hy vir Pietie. “Te veel klante het dit al aangepas.”

Pietie tel die stewel op. Dit is die linkerstewel wat pas by die regterstewel wat hy vroëer opgetel het. “Hulle pas my!” roep Pietie opgewonde uit terwyl hy die veters vasmaak.



“Dan is hulle joune!” sê die winkelier. “Ons kry môre nuwe voorraad, en om drie-uur vanmiddag kom Groot Ben, die sokkerster van die Britse Bere in Engeland, ’n promosie doen. Ek is besig om die winkel op te ruim.”

Op daardie oomblik kom Groot Ben toe juis daar aan.

“Haai boet!” groet hy vir Pietie. “Ek gaan die span volgende jaar by die skool kom afrig. Gaan ek jou daar sien?”

“Nee, meneer, ek is nie juis ’n goeie sokkerspeler nie,” antwoord Pietie. “Om die waarheid te sê, ek is nie juis goed met enigiets nie, meneer.”

“Komaan, boet, wat’s jou naam?” vra Groot Ben.

“Pietie, meneer.”

“Komaan, Pietie, jy gaan uitstekend wees!” En toe Pietie hom kon kry, is Groot Ben besig om hom terug oor die brug na die sokkerveld toe te vergesel.

Datum:



“Wat maak jy hier?” vra die afrigter vir Pietie.

“Pietie is saam met my, hy speel vandag in my span,” antwoord Groot Ben. “Kom, Pietie, ek wil hê jy moet op die veld draf en soos ’n professionele ou speel. Hou jou oog op die bal, en onthou, jy het die towerstewels aan!”

Pietie begin die bal oor die veld dribbel.

Dit voel vir hom asof die stewels by hom oorneem. Hy dribbel en skop die bal, en die toeskouers begin te skree: “Pietie! Pietie!”

Toe mis Pietie ’n aangee.

“Komaan, Pietie, laat die towerstewels hulle werk doen!” roep Groot Ben.

En toe teken Pietie ’n doel aan en direk daarna nog een!

Later plaas Groot Ben sy groot hand op Pietie se skouer en sê: “Wel gedaan, boetman. Jy weet hoe om daardie stewels te gebruik. Hou net aan met oefen!”

Fanus en sy groep bullebakke staan hulle en vergaap. Hulle kan hulle oë nie glo nie.

“Pietie, jy hoef nie die gewildste outjie te wees nie,” sê Groot Ben en hy wys na sy kop. “Al wat regtig saak maak, is wat jy van jouself dink.”

Die afrigter is baie in sy skik met Pietie. “Knap gedaan, Pietie,” sê hy. “Gaan jy by die span aansluit?”

“Nee dankie, meneer,” antwoord Pietie. “Ek is reg.”

“Al wat saak maak, is wat ek van myself dink,” fluister hy saggies vir homself.

En van daardie dag af, waar hy ookal gaan, voel Pietie altyd asof hy sy towerstewels aanhet.





Ons praat

Vergelyk die karakter van **Fanus die bullebak** en **Groot Ben**, die sokkerster.

- Hoe weet ons dat Groot Ben iemand is wat vir ander omgee?
- Soek en onderstreep die sinne in die storie wat vir ons sê dat Groot Ben vir Pietie gemotiveer het.



# Ons dink na oor Pietie






Soeklees die storie "Pietie se Towerstewels". Beantwoord hierdie vrae dan deur die letters langs die korrekte antwoorde te omkring.



| | Waarom was Pietie aan die begin van die storie ongelukkig? |
|---|---|
| A | Hy het nie sokkerstewels gehad nie. |
| B | Hy was nie in die sokkerspan nie. |
| C | Hy was nie 'n goeie sokkerspeler nie. |
| D | Die ander kinders was gemeen teenoor hom. |

| | Wat is die hoofboodskap van die storie? |
|---|---|
| A | Hardloop weg vir moeilikheid. |
| B | Glo in jouself. |
| C | Baklei met boelies. |
| D | Moet niemand vertrou nie. |

| | Waarom het die winkelier die sokkerstewels weggegooi? |
|---|---|
| A | Hulle was stukkend. |
| B | Daar was net een stewel. |
| C | Hy het nie van hulle gehou nie. |
| D | Hy kon hulle nie verkoop nie. |

| | Watter roete het Pietie huis toe gevolg? |
|---|---|
| A | Brug, kafee, sportwinkel, veld |
| B | Brug, sportwinkel, veld, kafee |
| C | Brug, sportwinkel, kafee, veld |
| D | Kafee, sportwinkel, veld, brug |

Dui nou aan (✓) watter woorde Fanus en Groot Ben die beste beskryf.

**Groot Ben**

| | | | |
|---|---|---|---|
| goedhartig | ✓ | | gemeen |
| slim | | | dom |
| gelukkig | | | kwaad |
| hulpvaardig | | | onbehulpsaam |
| dapper | | | lafhartig |
| sterk | | | swak |

**Fanus**

| | | | |
|---|---|---|---|
| goedhartig | | ✓ | gemeen |
| slim | | | dom |
| gelukkig | | | kwaad |
| hulpvaardig | | | onhulpvaardig |
| dapper | | | lafhartig |
| sterk | | | swak |

Skryf hierdie paragraaf in die indirekte rede oor.

"Knap gedaan, Pietie," sê die afrigter. Hy vra: "Gaan jy by die span aansluit?" "Nee dankie, meneer," antwoord Pietie. "Ek is okei."

Wanneer ons rapporteer wat iemand anders gesê het, verander ons die direkte rede in die indirekte rede. Die aanhalingstekens en dubbelpunt val weg, en soms verander die hooflettergebruik.

Datum: ____________________

Hoe het Pietie se gevoelens gedurende die storie verander?

*Aan die begin van die storie het Pietie* ______________________________ *gevoel.*

*want* ______________________________

*Aan die einde* ______________________________




Verbeel jou dat jy Pietie is. Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy beskryf wat daardie dag met jou gebeur het. Begin met hoe Pietie aan die begin gevoel het, en wat gebeur het toe Groot Ben hom na die sokkerveld geneem het. Skryf jou dagboekinskrywing in die verlede tyd en gebruik die eerste persoon ("ek").

*Liewe Dagboek* ____________________ *Datum:* ____________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________


**Bywoorde van graad**

Jy weet reeds dat 'n **bywoord** jou meer omtrent ander woorde (bv. werkwoorde en byvoeglike naamwoorde) vertel. Bywoorde kan ook gebruik word wanneer dinge vergelyk word.

- Wanneer ons twee handelinge met mekaar vergelyk, voeg ons gewoonlik die agtervoegsel -er by.
- Wanneer ons meer as twee handelinge vergelyk, voeg ons die agtervoegsel -ste by.




Vul die ontbrekende trappe van vergelyking in en maak dan met elke groep 'n sin waarin jy al drie die trappe gebruik. Sê die sin vir 'n maat.

| | | |
|---|---|---|
|  *stadig* |  ____________ |  *stadigste* |
|  ____________ |  *vinniger* |  ____________ |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Skryf 'n brief aan 'n maat






Maak weer of jy Pietie is. Skryf 'n brief aan een van jou ou maats in die dorpie waar jy gewoon het voordat jy Johannesburg toe gekom het. Beskryf jou nuwe skool. Vertel hom of haar wat gebeur het toe jy die sokkerstewels gekry het.

Gebruik hierdie geheuekaart om die brief te beplan.

1



Sê hoe jy gevoel het toe jy jou tuisdorp moes verlaat.

2



Beskryf jou nuwe skool, die kinders en hoe jy gevoel het.

3



Beskryf wat gebeur het toe die bullebak jou bril gegryp het.

4



Vertel hoe Groot Ben jou gehelp het om beter oor jouself te voel.

Datum:



Ons skryf

Gebruik jou geheuekaart nou om jou te help om Pietie se brief aan die maat by sy ou skool te skryf.

Gebruik ook die prente en voorstelle wat ons jou vir elke paragraaf gee. Skryf jou brief eers in jou klaswerkboek en laat jou maat dit hersien (redigeer). Skryf dit dan netjies in hierdie boek oor.

Vul jou adres in

Datum

1



*Liewe*

Sê hoe jy gevoel het toe jy jou tuisdorp moes verlaat.

2



Beskryf jou nuwe skool, die kinders en hoe jy gevoel het.

3



Beskryf wat gebeur het toe die bullebak jou bril gegryp het.

4



Vertel hoe Groot Ben jou gehelp het om beter oor jouself te voel.

*Jou maat*

Vul die naam van die briefskrywer hier in.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 109 Ons lees 'n dagboek




Vandag het ek in 'n sokkerwedstryd gespeel. Ons het 3–0 gewen. Daarna het my ma ons na die Wimpy toe geneem. Ek het 'n frikkadelbroodjie en skyfies geëet. Ek het Bongi en haar boetie daar gesien.

Later, teen ongeveer 4 nm., het ons my niggie Cecilia besoek. Ons het in hulle agterplaas krieket gespeel. Ek het 'n ses geslaan, en toe boul sy my uit. Dit was 'n lekker dag.

Hou die volgende in gedagte tydens dagboekinskrywings:

Begin elke paragraaf met 'n tydwoord.

Gebruik die eerste persoon, "ek".

Sê wie, wanneer, waar en wat.






Lees nou die dagboekinskrywing hieronder, wat geskryf is deur Pietie se ou maat, Sanet. Lees dan die dagboekinskrywing op die volgende bladsy, geskryf deur een van sy nuwe maats in Johannesburg, Charlie.



*Liewe Dagboek*

*Vandag het ek soos gewoonlik vroeg opgestaan. Ek het my ouma gehelp om water by die kraan te gaan tap en toe het ek gedraf om die bus skool toe te haal. Ek het gewens ek kon by die huis bly, want ek wou baie graag nog speel met Mienkie, my oulike katjie.*

*Toe die bus wegtrek, het die busbestuurder agtergekom dat die een wiel pap is. Hy moes stilhou om die binneband te ruil. Die meeste van die passasiers was baie vies, want dit het beteken dat hulle laat vir skool en werk sou wees. Hulle was nog meer omgekrap toe die bestuurder ons vertel het dat hy nie 'n spaarband het nie en dat die nuwe bus eers oor 'n uur en 'n half sou kom. Ek was glad nie jammer nie.*
*Ek het teruggekom huis toe en kon nog 'n hele ruk met Mienkie speel.*

*Sanet*




Omkring die volgende woorde:

Verkleinwoorde met blou    Meervoudwoorde met rooi

Datum:

Liewe Dagboek

Ek het vandag baie geniet! Ons het 'n skooluitstappie gehad, en ons is na die Wieg van die Mensdom in die Noordwes-provinsie. Dis maar omtrent 'n uur se ry van ons skool af. Ons het die Sterkfonteingrot gesien en die terrein waar die fossiele "Mevrou Ples" en "Little Foot" ontdek is. Dit is fossiele of dele van geraamtes wat ongeveer 3.3 miljoen jaar oud is. Dit laat my bloedjonk voel!

Die enigste vervelige ding vandag was die busrit huis toe. Dit het gevoel of dit vir ewig duur, en dit het koud begin word. Ongelukkig het ek my skooltrui by die grot vergeet en my ma was smoorkwaad daaroor.

Charlie







Ons skryf

Omkring die 2 intensiewe vorme wat in die teks verskyn met groen.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Ons hou 'n dagboek by





Ons skryf

Voltooi die volgende drie dae se dagboekinskrywings oor jouself. Skryf wat jy elke dag gedoen het en hoe jy gevoel het. Skryf oor die dinge wat jou bly maak en wat jou teleurstel.

Liewe Dagboek Dag: Datum:

Liewe Dagboek Dag: Datum:

Liewe Dagboek Dag: Datum:

Datum:




## Bywoorde van graad

Voeg die korrekte vorm van die woorde tussen hakies by om die sinne hieronder te voltooi.



Die bullebak het (vinnig) ______ as Pietie gehardloop.

Ek sal die (vroeg) ______ van almal daar wees.

Jabu het (hoog) ______ as die ander seuns gespring.

Sanet het die (laat) ______ van almal by die skool aangekom.

Refilwe het (lank) ______ as Rita vir die bus gewag.

Die liggies in die dorp skyn (helder) ______ as dié op die plaas.

Ek was die (gelukkig) ______ wat ek nog ooit was toe ek die resies gewen het.

In die winter gaan ek (vroeg) ______ en (vroeg) ______ bed toe.




Kyk of jy hierdie trappe van vergelyking kan regkry.

Verdeel elke woord in lettergrepe en sê hoeveel lettergrepe elke woord het. Vul dan die korrekte trappe van vergelyking in.

By party trappe van vergelyking gebruik ons nie die agtervoegsels -er en -ste nie, maar voeg ons die woorde **meer** en **mees** by.

| | | | |
|---|---|---|---|
| baie | | meer | meeste |
| goed | | | |
| bietjie | | | |
| gegoede | | | |
| graag | | | |
| natuurlik | | | |
| tevrede | | | |
| verslae | | | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 111 ’n Kykie na taal

## Bywoorde van plek

Ons skryf

Bywoorde van plek sê vir ons waar mense of dinge is.
Vul die korrekte bywoorde van plek in om die volgende sinne te voltooi. Jy mag elke woord net een keer gebruik.

nêrens | naby | hier | daarheen | buite | oral

| |
|---|
| Moenie in die huis speel nie. Gaan speel ____________ . |
| Kom sit ____________ by my. |
| Dirk het ____________ gestap. |
| Dit reën ____________ in die land. |
| Hulle woon ____________ aan die skool. |
| Ons gaan ____________ heen nie, ons bly net hier. |

## Alfabetiese volgorde

Nommer hierdie woorde in alfabetiese volgorde en verdeel hulle in lettergrepe.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| stilhou | | skooluitstappie | | skoolvakansie | |
| skoolbank | | Sterkfonteingrot | | skooltrui | |

## Afkortings

Gebruik ’n woordeboek en voltooi die tabel.

| Woord | afkorting |
|---|---|
| vergadering | |
| mevrou | |
| meneer | |

| Woord | afkorting |
|---|---|
| | h.v. |
| | str. |
| | mm |

Datum:

## Ontkenning

Ons skryf

Skryf die antwoorde op die volgende sinne in die ontkennende vorm, bv.:

| |
|---|
| **Ek kan die storie heeltemal glo. Ek kan die storie glad nie glo nie.** |
| Het jy al ooit so iets gehoor? ______________________________ . |
| Ek het iemand daar gesien. ______________________________ . |
| Ons sien iets in die bosse. ______________________________ . |

## Wederkerende voornaamwoorde

Onthou jy nog wat wederkerende voornaamwoorde is? **Wederkerende voornaamwoorde** kom voor in sinne waarin die onderwerp en die voorwerp na dieselfde saak of persoon verwys. Die agtervoegsel -self word soms bygevoeg om moontlike verwarring te voorkom, byvoorbeeld: "Ek bekommer my oor die kind", maar "Hulle prys hulleself" (omdat hulle ook iemand anders sou kan prys).

Vul die wederkerende voornaamwoorde in om hierdie sinne te voltooi.

myself · hom · my · hulle · haarself · haar · jouself · julle

| |
|---|
| 1 Klim van die dak af. Jy kan ______________________________ beseer. |
| 2 Sy het ______________________________ vir haar suster vererg. |
| 3 Ek bewonder ______________________________ in die spieël. |
| 4 Hy bekommer ______________________________ dikwels oor sy seun. |
| 5 My maat het ______________________________ met 'n nuwe rok bederf. |
| 6 Julle het ______________________________ misgis oor hoe lank dit sou duur. |
| 7 Die kinders moet ______________________________ vir die toets voorberei. |
| 8 Toe ek ______________________________ kom kry, was alles verby. |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Skryf 'n storie

Kwartaal 4 – Week 3–4




Beplan nou om jou eie storie te skryf

## Waaroor wil jy graag skryf?

## Wie sal jou karakters wees?

## Watter inligting gaan jy gee?



| EK KAN … | | |
|---|---|---|
| die inhoud van 'n teks (koerantberig, storie) aan die hand van die opskrif, foto's en/of prente voorspel. | | |
| vluglees- en soekleesvaardighede toepas. | | |
| 'n storie rolspeel. | | |
| 'n koerantberig lees. | | |
| 'n storie lees. | | |
| 'n storie in die regte volgorde oorvertel. | | |
| vrae op grond van 'n koerantberig beantwoord. | | |
| vrae op grond van 'n storie beantwoord. | | |
| 'n dagboekinskrywing skryf. | | |
| 'n slot vir 'n storie skryf. | | |
| karakters beskryf. | | |
| 'n storie skryf, hersien en korrigeer. | | |
| 'n opname doen. | | |
| 'n brief beplan en skryf. | | |
| 'n dagboekinskrywing beplan en skryf. | | |
| woorde alfabeties rangskik | | |
| woorde in lettergrepe verdeel. | | |
| samestellings en afleidings identifiseer | | |
| bywoorde identifiseer. | | |
| werkwoorde en hulpwerkwoorde identifiseer. | | |
| trappe van vergelyking voltooi. | | |
| afkortings gebruik. | | |
| meervoude en verkleiningsvorme gebruik. | | |
| spelreëls toepas. | | |
| sinonieme, antonieme en homonieme gebruik. | | |
| enkelvoudige en saamgestelde sinne identifiseer. | | |
| voegwoorde gebruik om sinne te verbind. | | |
| die direkte en indirekte rede gebruik. | | |
| wederkerende voornaamwoorde gebruik. | | |
| die ontkennende vorm gebruik. | | |
| intensiewe vorme in sinne gebruik. | | |
| sinsoorte identifiseer | | |
| die bedrywende en lydende vorm gebruik. | | |
| beeldspraak gebruik. | | |

Maak op bladsy 101 tot 102 jou eie boek. Onthou om die skryfproses te volg. Skryf op die buiteblad van die boek die titel. Skryf jou naam onder die titel, want jy is die skrywer. Teken ook 'n prent op die buiteblad. Skryf jou storie nou met 'n begin, 'n middel en 'n slot.

## AGTERBLAD

Rainbow WORKBOOKS

OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

## BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van jou boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Stap 2: Vou op die stippellyn.

Stap 3: Kram aan hierdie kant.

Stap 4: Knip op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

Stap 1: Vou op die stippellyn.

5

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier 'n prentjie.

4

Skryf die middel van jou storie hier.

Teken hier 'n prentjie.

Teken hier ’n prentjie.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier ’n prentjie.

Sluit jou storie af.

7

3

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier ’n prentjie.

6

Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

Teken hier ’n prentjie.

Inhoud

# Tema 8: Mense, toneelstukke en intriges



**Kwartaal 4: Week 5 - 6**
**Gaan na 'n nuwe skool toe**

**113 Kinderkamp** 104
Lees die advertensie.
Bespreek vrae gebaseer op die advertensie.

**114 Ons dink na oor die advertensie** 106
Skryf antwoorde neer wat gebaseer is op die advertensie.
Identifiseer werkwoorde en bywoorde.
Sorteer bywoorde in hoe, wanneer, waar.
Identifiseer enkelvoudige en saamgestelde sinne.

**115 Beplan jou eie advertensie** 108
Voltooi 'n geheuekaart om 'n plakkaat te ontwerp waarin 'n skooluitstappie onder voorgeskrewe opskrifte geadverteer word.
Maak die plakkaat deur aantekeninge uit die geheuekaart te gebruik.

**116 Stellings, vrae en uitroepe** 110
Identifiseer byvoeglike naamwoorde en selfstandige naamwoorde.
Gebruik die regte leestekens in sinne.
Gebruik homofone en homonieme in sinne sodat hulle betekenis duidelik word.

**117 Wilde diere** 112
Lees inligting oor diere.
Plaas die antwoorde op vrae in kolomme.
Baseer antwoorde op inligting oor wilde diere.
Verbind woorde met hulle betekenisse.
Bespreek sommige van die feite wat oor diere geleer is.

**118 Ontwerp 'n pamflet** 114
Voltooi die beplanner om 'n pamflet oor 'n dier te maak.
Knip die blaaie uit en en maak die pamflet.
Skryf die inligting netjies uit.

**119 Knipselblad vir pamflet** 115

**Kwartaal 4: Week 7 - 8**
**Kinders soos ons**

**120 Kyk na taal** 117
Dui die hoofwerkwoorde in die teenwoordige tyd of in die verlede tyd aan.

**121 Die seun wat geweier het om te leer** 118
Lees die toneelstuk en gebruik al die karakters en 'n verteller.

**122 Ons dink na oor die toneelstuk** 120
Bespreek die toneelstuk en die vrae.
Skryf antwoorde op die vrae oor die toneelstuk.
Teken die twee tonele in die toneelstuk en identifiseer die hoofkarakter.
Identifiseer sinonieme.
Skryf 'n opsomming.
Identifiseer byvoeglike naamwoorde.
Skryf 'n karakterbeskrywing vir twee van die karakters.

**123 Skryf 'n toneelstuk** 122
Voltooi die skryfbeplanner om 'n toneelstuk onder die voorgeskrewe opskrifte te skryf.
Skryf die toneelstuk netjies op die beplanner.


**124 Karakters** 124
Gebruik alliterasie om name vir karakters in die toneelstuk op te maak.
Maak 'n woord met onomatopee (klanknabootsing).
Ontwerp 'n plakkaat om die toneelstuk te adverteer.
Assesseer al die ander plakkate en kies die beste een.

**125 Skadumeisie kom tot almal se redding** 126
Lees 'n toneelstuk.
Identifiseer die deeltekenwoorde en die kappiewoorde.

**126 Ons dink na oor die toneelstuk** 128
Voer die toneelstuk op.
Beantwoord vrae wat gebaseer is op die toneelstuk.
Teken prentjies van die twee tonele.
Beskryf die intrige en skryf 'n beskrywing van die hoofkarakter.
Identifiseer onafhanklike frases.
Voltooi die vergelykings.

Jy is spesiaal 130





# 113 Kinderkamp



Ons lees

## Suid-Afrika se beste KINDERKAMP

Die Kranige Kindervakansiekamp bied aksiebelaaide kampe aan vir kinders wat tussen 8 en 12 jaar oud is. Registreer nou vir die somervakansie en kom kampeer heerlik vir die vakansie in ’n wildreservaat. ’n Ervare span mense sal mooi na jou kyk en vir baie pret sorg.

Stel nuwe aktiwiteite op die proef, maak nuwe maats, sien nuwe diere en swem in nuwe waters! Bowenal – geniet jou gate uit! Jou ouers sal gerus kan wees terwyl jy goed versorg word en ure se PRET ervaar! Daar is iets vir almal!

Datum:



# Daar is iets vir almal!




## DIE BESTE KINDERKAMP OOIT!

**Ons bied so 'n ongelooflike ervaring aan alle kinders dat hulle nie kan wag om weer te kom nie!**

Skakel Kinderkamp by 20121 212
Koste: R300
Dae: Maandag tot Vrydag, elke week van die skoolvakansie.
Bring jou swemklere, sonskerm en sonbril.

Ons praat

Kyk aandagtig na die advertensie en bespreek die volgende met 'n maat:

- Watter tegnieke gebruik die skrywer om die leser se aandag te trek?
- Watter opskrifte is in vetdruk of is uitgelig?
- Hoeveel uitroeptekens kom in die advertensie voor?
- Waarom dink jy bevat die advertensie so baie prentjies?
- Op wie, dink jy, is die advertensie gemik? Jy mag meer as een blokkie merk ✔.
- Gee 'n rede vir elke blokkie wat jy gemerk het.
- Waarvoor staan die volgende afkortings? R, advt., Ma., Vr., SA, j.

| Seuns | Meisies | 4- tot 7-jariges | 8- tot 12-jariges | Ouer mense | Tieners |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Ons dink na oor die advertensie





Ons skryf

Kyk weer na die advertensie op die vorige bladsy en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

| |
|---|
| Wat word geadverteer? |
| |
| Wie is die hoofteikengroep van die advertensie? |
| |
| Wat beteken "daar is iets vir almal"? |
| |
| Wat sou 'n gestremde kind op hierdie kamp kan doen? |
| |
| Kan jy oor 'n naweek op hierdie kamp gaan? |
| |
| Waarom staan daar in die advertensie: "'n Ervare span mense sal mooi na jou kyk"? |
| |
| Maak 'n lys van die aktiwiteite wat jy sal geniet as jy die kamp sou bywoon. |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

Wat word met die volgende boodskappe bedoel?

**DIE BESTE KINDERKAMP OOIT!**
Ons bied so 'n ongelooflike ervaring aan alle kinders dat hulle nie kan wag om weer te kom nie!

| |
|---|
| Waarom moet jy sonskerm saamneem? |
| |
| Waarom kan jou ouers "gerus wees" as jy op hierdie kamp gaan? |
| |
| |
| |

Datum:

# Werkwoorde en bywoorde




Ons skryf

Onderstreep die werkwoorde in hierdie sinne. Omkring dan al die bywoorde wat die werkwoorde beskryf.

Bywoorde beskryf werkwoorde.
Dit vertel ons hoe, wanneer of waar 'n aksie plaasvind.

| |
|---|
| Die baba het hard geskreeu. |
| Die seun het vinnig gehardloop. |
| Die bok spring hoog. |
| Ons speel buite sokker. |
| Hy het boontoe gedraf. |
| Die hond het buite geslaap. |
| Dit het gister gereën. |
| Ek gaan môre swem. |
| Dit was gister my verjaarsdag. |







Vul nou die bywoorde wat jy omkring het, onder die korrekte opskrifte in die kolomme in.

| Hoe? | Waar? | Wanneer? |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |



Ons skryf

Skryf nou langs elke sin of dit 'n enkelvoudige sin of 'n saamgestelde sin is. (Wenk: onderstreep eers die gesegde/s in elke sin.)

'n **Enkelvoudige sin** het net een gesegde (werkwoord of werkwoordstuk), en 'n **saamgestelde sin** het twee gesegdes.

| Sin | Enkelvoudig/saamgesteld |
|---|---|
| As ons gaan swem, moet jy jou handdoek saambring. | |
| Die kind eet heerlik aan sy kos. | |
| Die kinders speel en drink baie water, want hulle is dors. | |
| Ons Graadviers wil op die kamp gaan, want hulle hou van avontuur. | |
| Ek wil graag op die kamp gaan, daarom spaar ek my sakgeld. | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Beplan jou eie advertensie





Ons skryf

Werk saam met 'n maat. Gebruik hierdie geheuekaart om 'n plakkaat te ontwerp om 'n skooluitstappie te adverteer. Jy kan ook aantekeninge in jou klaswerkboek maak.

1 Waarheen gaan julle?

2 Wanneer vind die uitstappie plaas? Van ______ tot ______

3 Wat gaan julle alles sien?

4 Hoeveel gaan dit kos?

5 Wie behoort te gaan?

6 Wat moet hulle saambring?

## WENKE OM 'N PLAKKAAT TE MAAK

- Maak jou plakkaat so groot moontlik.
- Hou die letters wat jy daarop gebruik, so groot moontlik sodat mense dit maklik kan lees.
- Gebruik eenvoudige, duidelike sinne.
- Kleur jou plakkaat in om groter aandag te trek.
- Moenie te veel prentjies op jou plakkaat plak of teken nie.
- Sluit die plek asook die datum en tyd daarop in.
- Voorsien die plakkaat van 'n opskrif.

Datum:

Ons skryf

Gebruik nou jou geheuekaart en die aantekeninge wat jy in jou klaswerkboek gemaak het om jou eie plakkaat te ontwerp.

# Stellings, vrae en uitroepe



**Moenie byvoeglike naamwoorde** en **bywoorde** met mekaar **verwar nie**. Onthou:
**Selfstandige naamwoorde** is die name van mense, dinge en plekke.
**Byvoeglike naamwoorde** beskryf selfstandige naamwoorde.
'n **Bywoord** vertel jou meer van die **werkwoord**. Dit gee inligting oor 'n aksie, soos hoe, wanneer en waar 'n aksie plaasvind.




Onderstreep die **byvoeglike naamwoorde** in elkeen van hierdie sinne met **blou** en omkring dan die **selfstandige naamwoorde** wat hulle beskryf met **groen**.
Onderstreep die **werkwoord** met rooi en en omkring die **bywoord** met pers.

| |
|---|
| Jy kan die pragtige naglug sien met al die skitterende sterre. |
| Swem in die koue water in die warm sonskyn. |
| Duik in die blou see in, dan sal jy die glinsterende rif sien. |
| Bring jou verkyker en kom kyk na die babavoëltjies in hulle nes. |
| Ontmoet nuwe maats en spring op die groot springkasteel. |
| Kyk na die hoë bome waarin die stoute apies speel. |
| Loop al langs die vloeiende rivier in die koel briesie. |
| Eet heerlike kos langs die warm vuur. |

- *Elke sin begin met 'n hoofletter.*
- *'n Vraagsin eindig met 'n vraagteken.*
- *'n Stelsin eindig met 'n punt.*
- *'n Bevelsin eindig met 'n punt of 'n uitroepteken.*
- *'n Uitroepsin eindig met 'n uitroepteken.*

## Leestekens




Lees hierdie sinne. Skryf hulle nou met die korrekte hoofletters en leestekens oor.



| |
|---|
| stop die verkeerslig is rooi |
| |
| ek is baie honger |
| |
| gaan jy op die skoolkamp |
| |

| |
|---|
| moet nie voor die vragmotor inloop nie |
| |
| moet nie naby aan die rivier speel nie |
| |
| wie se trui is dit dié |
| |
| sjoe kyk na die groot leeu |
| |
| pieter en jan gaan met vakansie |
| |
| ek het winkel toe gegaan en lekkers aartappelskyfies en appels gekoop |
| |
| meng die eiers saam met die suiker en voeg dan die melk daarby |
| |
| ek het na die wildtuin gegaan en leeus jagluiperds apies en seekoeie gesien |
| |




Gebruik hierdie woorde in sinne sodat hulle betekenisse duidelik word.

| |
|---|
| Homofone: maer/maar |
| |
| |
| Homonieme: stroop/stroop |
| |
| |

Homofone klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse, bv.:

Dit is 'n feit dat ek al fyt aan my vinger gehad het.

Homonieme is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat verskillende betekenisse het,

bv.: Ek moet leer om op 'n leer te klim.

# Wilde diere





Ons lees



## DIE LEEU

Die leeu behoort aan die katfamilie. Die leeu word dikwels die koning van die diereryk genoem. Leeus jag diere soos bokke en sebras en maak hulle dan dood. Die leeuwyfies doen die meeste van die jagtery. Hulle jag in groepe in die nag. Leeus verkies dit om op die oop grasveld te bly. Hulle bly in groepe wat ons troppe noem.



## DIE OLIFANT

Olifante is die grootste soogdiere wat op land aangetref word. Hulle lewe op die oop grasvlaktes. Hulle word dikwels bedreig omdat wildstropers jag op hulle maak om hul ivoortande in die hande te kry. Olifante se tande groei hulle hele lewe lank. ’n Olifant gebruik sy slurp om plantwortels, vrugte en water na sy mond te bring. Hy eet tot 200 kg kos per dag en drink 190 liter water.



## DIE RENOSTER

Renosters bly in grasvelde. Hulle is herbivore, wat beteken dat hulle gras en plante eet. Hulle verkies dit om twee keer per dag water te drink as dit beskikbaar is, maar in droogtetye kan hulle vier tot vyf dae sonder water oorleef. Daar is twee soorte renosters: die swart renoster en die wit renoster. Nie een van hierdie twee soorte is egter swart of wit nie; hulle is grys. Renosters kan nie goed sien nie, maar hulle het ’n baie goeie reuksintuig. Hulle is baie groot diere en kan tot 2 500 kg weeg. Wildsjagters en wildstropers maak gereeld op hulle jag om hulle horings in die hande te kry. Ons moet die renoster teen wildstropery beskerm.



Ons skryf

- Omkring al die meervoude in die pamflet.
- Sê vir jou maat wat die verkleinwoord van elke meervoudword is.

Datum:





Soeklees die pamflet oor die drie diere en vul dan die volgende tabel in:

| Wat eet hulle? | | |
|---|---|---|
| Leeus | Olifante | Renosters |
| | | |
| | | |
| | | |

| Waar bly hulle? | | |
|---|---|---|
| Leeus | Olifante | Renosters |
| | | |
| | | |
| | | |

| Waarom word hulle bedreig? | |
|---|---|
| Olifante | Renosters |
| | |
| | |
| | |




Verbind hierdie woorde met hulle betekenisse.

| | |
|---|---|
| herbivoor | iemand wat diere onwettig doodmaak |
| soogdiere | 'n dier wat plante eet |
| wildstroper | hulle lewens verkeer in gevaar |
| bedreig | diere waarvan die kleintjies aan hulle drink |




Vertel jou maat twee feite oor elkeen van die drie diere waaroor jy gelees het.




Kan jy twee betekenisse kry vir elkeen van die volgende woorde (homonieme)? Maak sinne om die betekenisse duidelik te maak:

Jakkals (dier/iemand wat slinks is)

Buffel (dier/iemand wat onbeskof is)

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Ontwerp 'n pamflet





Ons skryf

Jy gaan nou jou eie pamflet oor 'n dier ontwerp. Gebruik die volgende pamfletbeplanner (grafiese organiseerder) om jou te help.

- Op die voorblad moet daar 'n prentjie wees wat die leser se aandag sal trek.
- Jou pamflet moet ook 'n treffende opskrif en 'n slagspreuk hê – byvoorbeeld "Red die renoster!"
- Teken 'n prentjie op elke bladsy om jou idees te illustreer.
- Skryf jou naam en telefoonnommer op die agterblad omdat jy die ontwerper van die pamflet is.

| | | |
|---|---|---|
| 3 | 2 Inligting oor die dier. | 1<br><br>Voorblad. |
| 6 Hoe om die dier te beskerm. | 5 Hoe groot is die dier?<br>Watter gewoontes het hy?<br>Wat eet hy? | 4 Waar kan mense die dier te sien kry? |



Ons doen

Knip nou die volgende bladsy uit en vou die bladsy om 'n Z-vormige kaartpamflet te vorm. Gebruik jou beplanner om die pamflet netjies te voltooi.

5

AGTERBLAD: Vir algemene inligting soos jou telefoonnommer, adres en e-posadres.

6

VOORBLAD: Vou vorentoe.

1

2

3

4

# Kyk na taal





**Onthou jy nog?**

Die werkwoord wat alleen in 'n sin kan staan, word die **hoofwerkwoord** genoem. Hoofwerkwoorde vertel ons wat die persoon doen of wat meer as een persoon doen. Hierdie werkwoorde verander wanneer die tyd verander. Byvoorbeeld: Ek was vandag die skottelgoed. Ek het gister die skottelgoed gewas.




Onderstreep die hoofwerkwoorde in hierdie sinne. Sê dan of dit in die teenwoordige tyd of in die verlede tyd is.




| | Tyd |
|---|---|
| Ek het skool toe geloop. | |
| Sy het dokter toe gegaan. | |
| Hulle gaan kerk toe. | |
| Sy speel netbal. | |
| Ek het my ontbyt geëet. | |
| Sy hardloop agter die bus aan. | |
| Hy het sy sap gedrink. | |
| Hulle kyk nuus. | |
| Ek het my vlieër laat vlieg. | |
| Sy borsel haar tande. | |
| Sy voer die kat. | |
| Die hond jaag die posbode. | |



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Die seun wat geweier het om te leer






Lees hierdie toneelstuk hardop in julle groep. Jy het ses karakters nodig: Stefan, Jan, Anita, Pam, Jabu en mnr. De Bruin. Julle moet ook 'n verteller hê wat die dele van die storie kan lees wat die akteurs nie sê nie.

Die toneel- en verhoogaanwysings (wat vir die akteurs vertel wat hulle moet doen) word tussen vierkantige hakies aangedui. Die aanwysings is altyd in die teenwoordige tyd.

[TONEEL 1: Mnr. De Bruin se klaskamer. Al die kinders buiten Stefan sit stil en werk. Hulle is besig om geheuekaarte te teken en aantekeninge te maak. Stefan sit heel voor in die klas en speel met sy Nintendo.]

**Verteller:** Mnr. De Bruin onderrig 'n naskoolse klas vir kinders wat vir die eindeksamen wil leer. Dit is 'n vrywillige klas, en mnr. De Bruin het aangebied om die kinders te help met enige gedeelte van die werk wat hulle nie verstaan nie.



**Stefan:** [Kyk rond na die ander kinders.] Waarom werk julle almal? Wie gaan met my speel? Kom speel saam met my 'n Nintendo-speletjie! Kyk na hierdie nuwe speletjie wat my ma Saterdag vir my gekoop het. Waarom hou julle tog nie op met werk en speel saam met my nie?

**Anita:** Nee dankie, ek is te besig. Die eksamen begin volgende week en ek moet leer sodat ek kan deurkom. Jy moet eintlik dieselfde doen, Stefan.

**Stefan:** Ag nee wat, dit pla my nie. Dit is nog lank voor die eksamen en daar is nog baie tyd om te leer. Komaan, Jan, speel tog saam.

**Jan:** Ek kan nie. Ek probeer leer vir die eksamen.

**Stefan:** Moet tog nie so 'n bleeksiel  wees nie. Jabu! Kom speel saam.

**Jabu:** Nie nou nie, Stefan. Ek probeer om vir volgende Vrydag se Lewensvaardigheid-eksamen te leer.

**Stefan:** Waarom is my maats so onbetroubaar? Watter soort maats is julle? Pam, jy's tog goed met speletjies – wil jy nie saamspeel nie?

**Pam:** Nie vandag nie, Stefan. As jy nie leer nie, gaan jy druip.

**Mnr. De Bruin:** Stefan, as jy nie nou gaan begin leer nie, moet jy eerder onder die boom daar buite gaan sit met jou speletjies. Hou op om die ander te pla.

Datum:

Verteller: Stefan besluit om te loop. Hy sleep sy rugsak en trui agter hom aan en gaan sit onder die boom. Hy sit en sing terwyl hy sy speletjies speel. Hy is verheug dat hy kan speel, en dink hoe laf sy maats is om te leer vir die eksamen wat nog twee hele weke ver is!





[TONEEL 2: Dit is die dag voor die eksamen en Stefan loop gespanne by die studieklas in. Hy begin om in sy sak rond te krap.]

Stefan: Kan iemand my asseblief help? Ek hm ... ag ... ek moet vir môre se eksamen leer, en ek dink ek het my boek verloor. Hmm ... dalk is dit onder my skoolbank. [Hy kyk onder die bank rond.] Nee, dis net weg.

[Hy stamp sy kop.] Eina! Sjoe! Kan iemand asseblief vir my ’n boek leen?

Jan: Nee, Stefan. Jy het die afgelope twee weke aanhou speletjies speel en nou wil jy binne een dag vir die eksamen leer? Daar is ’n tyd vir werk en ’n tyd vir speel.

Anita: Stefan, jy kan maar my geheuekaart gebruik. Kom ek wys jou hoe dit werk.

Stefan: [Begin om te huil.] Waaa! Ek gaan nooit al hierdie inligting in my kop kry nie. Hoe kan ek dit alles binne ’n dag leer? Ek gaan druip.

Anita: Toemaar, moenie huil nie. Ek sal jou help.

Mnr. De Bruin: Ruk jou reg, Stefan. Volgende keer sal jy lank voor die eksamen begin leer. Jabu en Jan, help asseblief vir Stefan en gee hom julle aantekeninge.

Stefan: [Skud sy kop en snik.] Nee, dit gaan nie help nie. Ek gaan dit nooit baasraak nie. Ek moes nie gesit en speel het terwyl julle almal gewerk het nie.

Verteller: Stefan werk die volgende kwartaal baie hard. Hy doen elke dag sy huiswerk en teken sy eie geheuekaarte. Hy het ’n goeie les geleer. Hy weet nou dat daar ’n tyd is om te werk en ’n tyd om te speel.

# Ons dink na oor die toneelstuk





Ons skryf

Lees die toneelstuk weer deur en beantwoord dan hierdie vrae. Bespreek dit in groepverband voordat jy die antwoorde neerskryf.


| |
|---|
| Wat is die toneelstuk se boodskap? Skryf die sin in die toneelstuk neer wat dit vir ons vertel. |
| |
| Wie is die hoofkarakter? |
| |
| Wat beteken "dit is 'n vrywillige klas"? |
| |
| Hoe weet ons dat Stefan 'n les geleer het? |
| |
| Is hierdie storie soortgelyk aan enige ander stories wat jy ken? |
| |
| Onthou jy nog die storie van die sprinkaan en die miere? As jy dit kan onthou, kan jy sê hoe hierdie twee stories ooreenstem? |
| |
| |



Ons doen

Dink na oor die agtergrond van hierdie toneelstuk. Twee tonele word genoem. Teken hierdie tonele en wys die hoofkarakter in elke toneel.

| Toneel 1 | Toneel 2 |
|---|---|
| | |



Werk met woorde

Kry woorde in die toneelstuk wat **dieselfde** as die woorde hieronder beteken (**sinonieme**) en skryf dit in die ruimte neer wat voorsien word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| vroetel | | steur | |
| verdwyn | | geniet dit | |

Datum:




Verbeel jou jy is Stefan. Skryf 'n opsomming van wat in die storie met jou gebeur het.

| |
|---|
| Eers het mnr. De Bruin 'n studieklas onderrig sodat ons ons vir die eksamen kon voorberei, maar ek |
| |
| |
| |
| Mnr. De Bruin het gesê ek moet buite gaan sit, daarom het ek |
| |
| |
| |
| Die dag voor die eksamen het ek besluit om te leer, maar dit |
| |
| |
| |




Dink aan **byvoeglike naamwoorde** wat Stefan en Anita beskryf. Vul dit in die ruimtes hieronder in. Ons het 'n paar byvoeglike naamwoorde gegee om jou te help.

onverskillig

hardwerkend

gaaf

lui



Skryf nou 'n kort beskrywing van elkeen van hierdie karakters.

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Skryf 'n toneelstuk







Jy gaan saam met jou maats in julle groep 'n toneelstuk skryf. Volg die skryfproses om die toneelstuk te skryf.

Sodra julle die finale weergawe van die toneelstuk geskryf het, moet julle die rolverdeling doen en oefen om die stuk op te voer.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfwerk te **beplan**.
- Skryf die **eerste weergawe** in jou klaswerkboek.
- Vra 'n maat om dit te **hersien**.
- **Korrigeer** jou teks.
- Skryf die **finale weergawe** netjies oor.

**1** Wie is die verskillende karakters?

**2** Hoe tree die karakters op?



Titel

**3** Wanneer vind die storie plaas?

**4** Watter tonele is daar, en wat gebeur in elke toneel?

Beskryf die intrige.

| | |
|---|---|
| Eers | |
| Daarna | |
| Later | |
| Uiteindelik | |





Datum:




Skryf jou toneelstuk netjies op hierdie bladsy oor. Onthou om die teenwoordige tyd vir die agtergrond en vir die verhoogaanwysings te gebruik.

Titel

Agtergrond

Karakters

# Karakters



## ALLITERASIE

Ons gee dikwels aan karakters in 'n toneelstuk of in 'n rolprent name wat met dieselfde letters begin. Soms is hierdie name snaaks. Wanneer ons die eerste letter van elke woord herhaal, gebruik ons alliterasie. Kyk na hierdie name en let op hoe die eerste klanke herhaal word.

Bekkige Bennie | Temerige Tersia | Praterige Petrus | Gulsige Gerrie | Vinnige Fanie | Nukkerige Nomsa | Ratse Rina | Lawwe Louis | Kranige Khabelo



**Ons skryf** Gebruik alliterasie om name uit te dink vir die karakters in jou toneelstuk.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

## ONOMATOPEE of klanknabootsende woorde

Gaan nou terug na die toneelstuk in werkkaart 121 en onderstreep al die klanknabootsende woorde. Wanneer ons woorde gebruik wat 'n klank naboots, gebruik ons **klanknabootsing**. Dit is wanneer eenvoudige woorde 'n klank namaak, soos "waaa" of "snik" wat die klank van 'n gehuil naboots.



**Ons skryf** Kyk na die voorbeelde hieronder en dink dan self 'n paar klanknabootsende woorde uit.

Toet

Kadoems

Zoem

Datum:

# Adverteer jou toneelstuk



Ons skryf

Maak 'n plakkaat om jou toneelstuk te adverteer.

Gebruik **alliterasie** vir die name van jou karakters. Gebruik 'n paar **klanknabootsende woorde** om aandag te trek.

- Die naam van die toneelstuk in groot, vet letters (jy moet jou toneelstuk 'n naam gee).
- Wie tree in die toneelstuk op?
- Waar word dit opgevoer?
- Die datums en die tye van die opvoerings.
- 'n Kort beskrywing van waaroor die toneelstuk handel.
- Besprekingsinligting:

Wenke vir die ontwerp van 'n plakkaat
- Gebruik duidelike taal.
- Wissel die lettertipe en die grootte van die woorde, frases en sinne af.
- Gebruik helder kleure om die aandag te trek.
- Teken of plak prentjies in om mense meer van die toneelstuk te vertel.

Kyk na die plakkate wat deur jou maats ontwerp is en kies die een waarvan jy die meeste hou.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Skadumeisie kom tot almal se redding





Ons lees

[TONEEL 1: 'n Tuin langs die rivier. Daar staan 'n tafel onder 'n boom. Die boom is met ballonne en papierlinte versier. Daar is 'n groot pienk verjaarsdagkoek op die tafel.]



Verteller: Dit is Tania se tiende verjaarsdagpartytjie. Onder die gaste is die tienjarige Lindi Myeza in haar partytjierok. Alhoewel Lindi soos enige ander tienjarige skoolkind lyk, is sy eintlik 'n superheldin met die merkwaardige vermoë om in 'n skaduwee met buitengewone krag en spoed te verander.

Kinders: [Besig om te sing] Lekker verjaar, ou maat, lekker verjaar. Jy moet lekker verjaar, jy moet lekker verjaar. Lekker verjaar, ou maat, lekker verjaar. Hiep-hiep hoera!

Tania: Ek wonder wat is al hierdie presente? Ek is so opgewonde! Ek weet nie watter een ek eerste moet oopmaak nie.

Willie: Maak myne oop. Ek het iets gekoop waarvan jy gaan hou.

Tania: O, dit is 'n Lego-karretjie! Dankie, Willie. En hierdie present is waterverf. Ag, ek hou daarvan om te skilder! En hier kry ek 'n potloodsakkie. Dankie, Anita, jy het geweet myne is gedaan.

Marie: Hallo, Tania. Ek is jammer ek is laat. Hier is my present. Raai wat dit is!

Tania: Ek kan voel dit is sag. Aha! Dit is 'n teddiebeertjie. O, ek kan hom die hele tyd vasdruk.

Jan: Haai! Wat's dit?

Verteller: Skielik, uit die bloute, kom 'n dief met 'n klapmus verbygehardloop en gryp al die verjaarsdagpresente en die koek.



Datum:



| | |
|---|---|
| Kinders: | [Skreeu] Stop! Dief! |
| Verteller: | Tania se ma kom uit die huis uitgehardloop. |
| Ma: | Pasop, kinders! Dit is gevaarlik. Kom almal hier na my toe. |
| Hond: | Woef-woef! |
| Lindi: | [Met gloeiende oë en warm gesig] Dit maak my sommer baie kwaad. |
| Verteller: | Skadumeisie glip by die gaste verby en vlieg oor die rivier. Sy keer die dief voor. Hy skrik so groot dat hy die geskenke en die koek onmiddellik laat val. Gelukkig land die koek saggies op die grond, met die regte kant na bo. |
| Lindi: | [Terwyl sy die man se hande agter sy rug vashou.] Jy't 'n lekker kans gewaag, nè meneertjie? Anita, bel asseblief die polisie. |

[TONEEL 2: Skreeuende bande word gehoor toe die polisie buite stilhou.]



| | |
|---|---|
| Polisieman: | Mooiskoot, Lindi! Jy het dit sowaar weer reggekry. Hou aan om misdaad te bestry. |
| Ma: | Kry vir jou 'n stukkie koek, Konstabel. |
| Polisieman: | Laat ek net gou hierdie skurk in die vangwa toesluit. |
| Ma: | Sjoe! Dis nou 'n ding! Lindi, jy het my nooit van jou superkragte vertel nie. Ek het nog altyd gedink dis net seuns wat superhelde kan wees, maar vandag het ek gesien dat 'n jonge dame soos jy 'n superheldin is. Ek's beïndruk. |
| Tania: | Ek is so bly jy kon my geskenke terugkry, Lindi! En nou kan ons met die partytjie voortgaan. Maar ek wil net eers vir Lindi dankie sê. |
| Kinders: | [Sing] Gelukkige heldinnedag vir jou, Lindi. Gelukkige heldinnedag! Ons is trots op jou! |






Omkring die deeltekenwoorde met rooi.

Omkring die kappiewoorde met blou.

ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# Ons dink na oor die toneelstuk






Voer die toneelstuk op en beantwoord dan die volgende vrae:

| | |
|---|---|
| Wie is die hoofkarakter? | |
| Waarom is sy spesiaal? | |
| Wat is die les van die toneelstuk? | |

’n **Stereotipe** is ’n vaste oortuiging dat almal in ’n bepaalde groep dieselfde is. As jy dink dat meisies nie superhelde kan wees nie, glo jy dat geen meisie sterk kan wees nie. Dan stereotipeer jy meisies. As jy dink dat net seuns superhelde kan wees, stereotipeer jy seuns omdat jy glo dat seuns nooit bang kan word nie. Die byvoeglike naamwoord kry ’n **e** by en word dus stereotiepe, bv. ’n Stereotiepe oortuiging.

| |
|---|
| Dink jy dit is ’n ware verhaal? Waarom sê jy so? |
| |
| Van watter ander karakters weet jy wat superhelde is? Is hulle gewoonlik mans? |
| |
| Hoe is Skadumeisie soortgelyk aan hierdie superhelde? |
| |
| Hoe verbreek sy die stereotipe? |
| |
| |




Teken prentjies van die twee tonele van die toneelstuk.

| Toneel 1 | Toneel 2 |
|---|---|
| | |




Beskryf die intrige.

Eers ______

Daarna ______

Later ______

Uiteindelik ______

Datum:

Skryf 'n beskrywing van Lindi.

## BYSINNE

Kyk na bysinne: 'n Bysin het 'n onderwerp en 'n gesegde. Daar is twee tipes bysinne.
'n **Onafhanklike bysin** kan alleen staan as 'n sin, bv. **Ons stap skool toe**.
'n **Afhanklike bysin** kan nie alleen staan as 'n sin nie, bv. **wanneer die ete klaar is**.




Kyk na hierdie **bysinne** en sê of hulle as sinvolle sinne alleen kan staan (sê met ander woorde of hulle onafhanklike bysinne is).


| | Onafhanklike bysin | Afhanklike bysin |
|---|---|---|
| | Ja, dit kan alleen staan. | Nee, dit kan nie alleen staan nie. |
| toe hy skreeu | | |
| Ek hou van musiek. | | |
| as dit reën | | |
| Ek het dit gekry. | | |
| In graad 4 | | |
| Ons is van plan om piekniek te hou. | | |
| Sodra die rolprent klaar gewys het | | |


Voltooi hierdie **dierevergelykings** deur die korrekte dierename in te vul.



| |
|---|
| So besig soos 'n ________________ . |
| So stadig soos 'n ________________ . |
| So vry soos 'n ________________ . |
| So lank soos 'n ________________ . |
| So stil soos 'n ________________ . |
| So trots soos 'n ________________ . |
| So slu soos 'n ________________ . |
| So sag soos 'n ________________ . |







Ons beskryf dikwels iets deur te sê dit is **soos** iets anders. As iemand byvoorbeeld baie besig is, kan ons iets sê soos: "Sy is so besig soos 'n by". Dit word 'n **vergelyking** genoem. Ons gebruik dikwels verwysings na diere in vergelykings.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Jy is spesiaal. Jou hele liggaam is spesiaal. Jou liggaam behoort aan jou!

**NIEMAND behoort aan jou privaat liggaamsdele te raak nie.**



**As iemand aan jou privaat liggaamsdele raak, moet jy iemand daarvan vertel.**

**As iemand jou dinge laat doen wat jy nie wil doen nie, moet jy iemand daarvan vertel.**

**Jy kan hierdie nommers bel:**

**Kinderlyn: 0800 05 55 55**

**Life Line: 0861 322 322**

**SAPD se noodnommer: 10111**

**SAPD se misdaadstopnommer: 086 00 10111**

**Kinderbeskermingseenheid: 012 393 2359/2362/2363**

| EK KAN ... | | |
|---|---|---|
| 'n toneelstuk lees. | | |
| 'n advertensie lees. | | |
| 'n inligtingsbrosjure/-pamflet lees. | | |
| 'n toneelstuk lees deur van karakters en 'n verteller gebruik te maak. | | |
| 'n toneelstuk opvoer. | | |
| vrae beantwoord wat op die pamflet gebaseer is. | | |
| vrae beantwoord wat op die advertensie gebaseer is. | | |
| vrae beantwoord wat op die toneelstuk gebaseer is. | | |
| 'n brosjure ontwerp. | | |
| 'n plakkaat ontwerp. | | |
| 'n toneelstuk skryf. | | |
| 'n karakterbeskrywing skryf. | | |
| selfstandige naamwoorde identifiseer. | | |
| byvoeglike naamwoorde in teks identifiseer. | | |
| bywoorde van wyse, tyd en plek identifiseer. | | |
| hoofwerkwoorde identifiseer. | | |
| woorde met hulle sinonieme verbind. | | |
| woorde met hulle betekenisse verbind. | | |
| sinne met homonieme en homofone maak. | | |
| afkortings gebruik. | | |
| enkelvoudige en saamgestelde sinne identifiseer. | | |
| onafhanklike bysinne in sinne identifiseer. | | |
| sinsoorte identifiseer. | | |
| die verlede tyd en die teenwoordige tyd gebruik. | | |
| alliterasie identifiseer. | | |
| klanknabootsing identifiseer. | | |
| vergelykings identifiseer. | | |
| spelreëls toepas. | | |
| leestekens en skryftekens korrek in sinne gebruik. | | |







**Birthday Wheel:**


Cut out the two circles and the wedge shape. Put the top and bottom together using a split pin. Write the birthdays of your family and friends in the correct months on the birthday wheel.

On the back you can write the months in your first language.







**Birthday Wheel:**
Write the 12 months on the dotted white line.





Step 1: Cut all around on the black line

DEF

Step 2: Fold on the dotted line

OPQR

Step 3: Fold on the dotted line

Step 5: Cut off on the yellow line

ABC

Step 4: staple your book in the middle

STUV

KLMN

GHIJ

WXYZ

# My Telephone and Address Book



This book belongs to: